

DIE LEER VAN HEIL

IN VRAE EN ANTWOORDE

(Kohlbrugge se Kategismus)

Uit die Duits vertaal deur dr AH Bogaards

1. Verantwoording by die vertaling

Kohlbrugge het op 'n keer daarvoor gekla dat soveel van wat eie was aan sy preke deur vertaling in ander tale verlore gegaan het. Hy het sy preke vergelyk met duiwe wat met dou bedek is. Deur die vertaling het hierdie dou volgens hom verlore gegaan (Van Heyst, 1955:4).

In hierdie vertaling van *Die Lehre des Heils* is daarom gepoog om ook wat sy kategismus betref die dou soveel as moontlik onaangeroerd te laat. Daarom is daar gepoog om so ver moontlik 'n letterlike vertaling daarvan te gee, al sou die resultaat minder goeie of gebruiklike Afrikaans wees.

Wanneer Kohlbrugge tekste aanhaal, volg hy oor die algemeen die oorspronklike Lutherse vertaling. Soms bied hy egter 'n (meer letterlike) *eie* vertaling (De Reuver, 1997:1). Ook daardie tekste is so letterlik as moontlik vertaal. Kohlbrugge baseer immers sy kategismus op die Lutherse Bybelvertaling en op sy eie vertalings en 'n letterlike vertaling bied die moontlikheid om ook in die Afrikaans te kan sien waar Kohlbrugge aan sekere stellings kom. Dit is des te belangriker om dit so te doen, aangesien die Afrikaanse Bybelvertalings soms verskil van die Lutherse vertaling en Kohlbrugge se eie weergawe van die grondteks.

2. Die leer van heil

Inleiding

Vraag 1: Wat hou jou staande en gee jou moed en troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Die Naam van die Here is Ontfermer. Hy is 'n getroue God, wat sy Woord waar maak, 'n God van alle vertroosting, 'n almagtige Redder en Behouer, wat alle dinge so lei dat dit ten goede meewerk, wat al my smarte genees en al my verkeerdhede bedek.

Hosea 11:8: Wat moet Ek uit jou maak, Efraim? Moet Ek jou beskerm, Israel? Moet Ek nie billik 'n Adama uit jou maak en jou soos Seboïm maak nie? Maar my hart is van ander gedagte, my barmhartigheid is te vurig.

Jesaja 54:10: Want daar sal wel berge wyk en heuwels val, maar my genade sal nie van jou wyk nie, en die verbond van my vrede sal nie val nie, spreek die Here, jou Ontfermer.

Hebreërs 13:5 en 6: Laat die wandel wees sonder gierigheid, en laat julle vergenoeg wees met wat daar is. Want Hy het gesê: Ek wil jou nie verlaat of verwaarloos nie; sodat ons mag sê: die Here is my helper; en ek sal nie vrees nie. Wat sal 'n mens aan my doen?

Miga 7:18-20: Waar is so 'n God, soos U is? Wat die sonde vergewe en die misdaad kwytsteld van die oorblyfsel van sy erfdeel; wat sy toorn nie vir ewig behou nie? Want Hy is barmhartig; Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons misdaad wegneem, en al ons sondes in die diepte van die see werp. U sal vir Jakob die trou en vir Abraham die genade behou, soos U van lankal af aan ons vaders gesweer het.

1 Kronieke 4:9 en 10: Maar Jabes was heerliker as sy broers-en sy moeder het hom Jabes genoem, want sy het gesê: Ek het hom met smart gebaar. En Jabes het die God van Israel aangeroep en gesê: Indien U my seën, en my grense vermeerder, en u hand met my sal wees, en U met die kwaad so maak dat dit my nie verdriet aandoen nie! En God het laat kom waarvoor hy gebid het.

Josua 21:45: En daar het niks ontbreek aan al die goeie wat die Here vir die huis van Israel gesê het nie.

Romeine 8:28: Maar ons weet dat vir diegene wat God liefhet, alle dinge ten beste dien, wat volgens die voorneme geroepe is.

Jesaja 54:17: Want geen werktuig wat teen jou gesmee word, sal geluk nie, en elke tong wat hom teen jou stel, moet jy in die oordeel verdoem. Dit is die erfenis van die knegte van die Here en hulle geregtigheid uit My, spreek die Here.

Psalm 103:3 en 4: Wat jou al jou sondes vergewe en al jou krankhede genees; wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met genade en barmhartigheid.

Psalm 32:1: Welgeluksalig is hy vir wie die oortredings vergeef is, vir wie die sonde bedek is.

Vraag 2: Hoe weet jy dat God so 'n Ontfermer vir jou is?

Antwoord: Ek ervaar dit elke dag en weet dit uit sy heilige Woord, waarin dit lui: "God het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons almal oorgegee." Rom. 8:32.

Vraag 3: Glo jy dan dat God se Woord God se Woord is?

Antwoord: Dit bewys homself as sodanig.

Vraag 4: Verduidelik dit egter meer spesifiek: hoe kan jy alleen in God jou heil stel in lewe en in sterwe?

Antwoord: Ek weet dit uit die Skrif en uit die ervaring:

1. dat ek 'n mens is en niks méér nie;
2. dat God God is;
3. dat Hy sy beloftes ook aan my vervul.

Eerste gedeelte: Ek 'n mens en niks meer nie.

Vraag 5: Wat wil jy daarmee sê dat jy 'n mens is?

Antwoord: Dat ek aan die ydelheid onderworpe is, dat ek boos en onder die sonde verkoop is.

Vraag 6: Wat is ydelheid?

Antwoord: Alles wat nie vrug van die ewige lewe in hom dra nie, maar moeite en verdriet.

Vraag 7: Wat is sonde?

Antwoord: Alles wat nie God se Woord aan sy kant het nie.

Vraag 8: Wat is boos?

Antwoord: Wat nie op sy plek gebly het, daar waar God dit geplaas het nie.

Vraag 9: Wie het jou gemaak?

Antwoord: God die Here.

Vraag 10: Hoe het Hy jou gemaak?

Antwoord: In sy beeld en na sy gelykenis. Gen. 1:26-27.

Vraag 11: Wat beteken "in sy beeld"?

Antwoord: Toe God gesê het: "Laat ons mense maak", was hierdie spreke 'n uitvloeisel en 'n afstraling van sy heerlijkheid. Daarmee het Hy dit voor Hom gestel, wat by Hom goed en reg is. Hy het daarmee aan die beweging van sy ingewande, sy innerlike barmhartigheid, 'n vorm gegee. Dit is die beeld waarin Hy my gemaak het.

Vraag 12: Wat beteken "na sy gelykenis"?

Antwoord: Dat dit Hom behaag het om 'n sigbare uitdrukking van sy onsigbare wese daar te stel.

Jakobus 3:9: Deur dit (die tong) loof ons God die Vader, en deur dit vervloek ons die mense, wat na die beeld van God gemaak is.

Vraag 13: Waartoe het God jou geskape?

Antwoord: Sodat ek in die stand waarin Hy my en alle dinge geplaas het, myself en die sigbare sal beheers, sonder om op iets anders ag te slaan as op die Woord wat uit sy mond gegaan het.

Genesis 1: 28-29: En God het hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermenigvuldig, en vul die aarde en onderwerp dit, en heers oor die visse van die see en oor die voëls onder die hemel en oor al die diere, wat op die aarde kruip". En God het gesê: "Kyk, Ek het julle allerlei plante gegee, wat saad gee, wat op die ganse aarde is, en allerlei vrugbare bome, wat saad gee tot julle spyse."

Genesis 2:15-17: En God die Here het die mens geneem en hom geplaas in die tuin van Eden, dat hy dit verbou en bewaar. En God die Here het die mens gebied en gesê: Van al die bome in die tuin mag jy eet, maar van die boom van kennis van goed en kwaad mag jy nie eet nie. Want die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe.

Matteus 4:4: En Hy [Jesus], het geantwoord en gesê: Daar staan geskryf: Die mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke woord wat deur die mond van God gaan.

Vraag 14: Het God reg daartoe gehad?

Antwoord: Ja, want dit was vrye goedheid dat Hy my en alle skepsels geskape het; Hy was nie daartoe verplig nie; dit was dus, omdat Hy my geformeer het, alleen sy saak hoe en waarvoor Hy my geformeer het.

Vraag 15: Wat het van ons geword?

Antwoord: Juis dit wat van almal word wat God se Woord nie bewaar nie: op sigself stof, keer hulle tot stof terug.

Vraag 16: Waarom?

Antwoord: Ek het God in Wie se Woord my lewe was, verdink, Hom tot leuenaar gemaak en myself, ofskoon in sy Woord oorfloed van alles was, ter wille van ydele genot aan die duiwel oorgegee, met die gevolg dat ek aan God se Woord 'n verkeerde uitleg gegee het.

Vraag 17: Wat was die noodwendige gevolg daarvan?

Antwoord: Deurdat ek my plek verlaat en die lewe wat ek in God gehad het, verloor het, het ek onder die heerskappy van die duiwel gekom, wat my sedertdien met die prikkel van die dood verwond en met die mag van die sonde en die hel omgeef.

Vraag 18: Wat is "dood" volgens Genesis 2:17?

Antwoord: Om buite die gemeenskap met God in wie al ons heil is te wees.

Vraag 19: Waar het jy hierdie dood gesterf?

Antwoord: In die lendene van Adam.

Romeine 5:12 en 15: Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het, en deur die sonde die dood; en so die dood tot alle mense deurgedring het, in welke [dood] hulle almal gesondig het. Maar met die genade is dit nie soos met die sonde nie. Want soos deur een se sonde vele gesterf het, soveel te meer is die genade en gawe van God deur vele ryklik ervaar deur die genade van die een mens, Jesus Christus. (Vgl. Heb. 7:5.)

Vraag 20: Maar kan dit wat voor jou geboorte gebeur het, jou toegereken word?

Antwoord: Dat ek self in hierdie dood sondig, self hierdie dood oor my gebring het, dit bewys ek met al my denke en handeling.

Vraag 21: Ja, maar dat jy so is, dit kom tog van Adam?

Antwoord: Sekerlik, maar ons mag tog nie die skuld op Adam werp nie; ons het tog die Evangelie van die vryheid van God, en nogtans doen ons daagliks opnuut wat Adam gedoen het.

Hosea 6:7: Maar hulle het die verbond oortree soos Adam; daardeur het hulle My verag.

Vraag 22: Is dit dan nie noodwendig dat jy sondig nie?

Antwoord: Ek sou nie sondig as ek my weerhou van die oordeel oor goed en kwaad nie.

Hosea 6:6: Want Ek het vreugde in liefde en nie in offer nie; en in kennis van God en nie in brandoffer nie.

Vraag 23: Maar kan jy dit nie nalaat nie?

Antwoord: Hoe eie aan my hierdie oordeel is, dit toon elke kind ten opsigte van die bevele en woorde van sy liewe vader en sy liewe moeder.

Hosea 13:9: Israel, jy bring jouself in die ongeluk; want jou heil staan alleen by My. [Na Luther se vertaling.]

Vraag 24: Het jy dan van jou jeug af gesondig?

Antwoord: "Die versinsel van die mens se hart is boos van sy jeug af," sê die Skrif, en op 'n ander plek: "Kyk, ek is in ongeregtheid gebore." Gen. 8:21; Ps. 51:7.

Vraag 25: Kom dit dan nie deur slegte voorbeeld dat 'n mens boos is nie?

Antwoord: Die ervaring loënstraf hierdie bewering. Die kind, skaars enkele weke oud, kon nog op geen voorbeeld ag slaan nie, en toon nogtans dat dit boos is.

Vraag 26: Maar met die jare kom tog die wysheid?

Antwoord: Die wysheid van Salomo het sodanige wysheid in sy naaktheid geopenbaar. Vgl. 1 Kon. 11 en die boek "die Prediker Salomo".

Vraag 27: As iemand egter sou wou, sou hy nie kon nie?

Antwoord: Niemand wil nie, selfs nie één nie.

Romeine 3:10 en 11: Daar is niemand wat regverdig is nie, selfs nie één nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat na God vra nie.

Vraag 28: Maar as hy sou wou?

Antwoord: Juis dit is die ding: dat niemand wil nie.

Vraag 29: By wie lê dus die skuld?

Antwoord: Nie by God nie, nie by die Wet nie, nie by die duiwel nie, nie by my naaste nie, nie by my hart nie, nie by my natuur nie, nie by my liggaam nie, my vlees of my lede nie, nie by die sonde nie, maar by *my*, soos ek teen God is; daarom sê Dawid: "Teen U, teen U alleen het ek gesondig." Ps. 51:6.

Vraag 30: Wat sê die Skrif van die mens se wil en strewe?

Antwoord: "Dit hang nie af van iemand se wil of wandel nie, maar van God se ontferming." Rom. 9:16.

Vraag 31: Wat sê die Mond van die Waarheid van die mens se planne en gesteldheid?

Antwoord: "Uit die hart kom voort bose gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diefstal, valse getuïenisse, laster." Matt. 15:19.

Vraag 32: Wat sê Hy van die mens se verstand, krag en mag?

Antwoord: So spreek die Here: "Laat 'n wyse hom nie beroem op sy wysheid, 'n sterke hom nie beroem op sy sterkte, 'n ryke hom nie beroem op sy rykdom nie, maar hy wat hom wil beroem, laat hy hom hierop beroem, dat hy My verstaan en ken, dat ek die Here is" en: "Ek sal die wysheid van die wyses tot niet maak en die verstand van die verstandiges sal Ek afwys," en weer: "Uit het hart van die mens kom dwaasheid te voorskyn." Jer. 9:23 en 24; 1 Kor. 1:19; Jes. 29:14; Mark. 7:21 en 22.

Vraag 33: Waarvoor moet jy jouself dus aansien?

Antwoord: Ek erken dat ek 'n goddelose is.

Romeine 4:5: Dog vir hom wat nie met werke omgaan nie maar glo in Hom wat die goddelose regverdig maak, vir hom word sy geloof gereken tot regverdigheid.

Vraag 34: Waarin bestaan dan jou sonde?

Antwoord: Daarin dat ek my onbekwaam gemaak het vir alles wat goed is en derhalwe God se Woord nie glo nie, nie vertrou nie, maar met my oordele oor goed en kwaad steeds in dit wat sigbaar is, my heil soek.

Vraag 35: Is dit waar dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat?

Antwoord: Hy is nie alleen daartoe geneig nie, maar hy doen dit werklik, soos die Skrif van ons sê dat ons haters van God is en mekaar haat; en: dat die bedenkinge van die vlees vyandskap is teen God. Wie dit nie van homself wil erken nie, lewer vir hierdie waarheid die allersterkste bewys met allerlei dade van willekeur en huigelary.

Romeine 1:29-32: Vol van alle ongeregtigheid, hoerery, slegtheid, gierigheid, boosheid; vol van haat, moord, twis, bedrog, lis; nuusdraers, verloënaars, Godveragters, boosdoeners, hovaardiges, grootpratery, mense wat skade berokken, mense wat hulle ouers ongehoorsaam is, onverstandiges, troueloses, halsstarriges, onversoenlikes, onbarmhartiges, wat God se geregtigheid ken (dat diegene wat sulke dinge doen, die dood waardig is), doen dit nie alleen nie, maar het ook 'n welgevalle aan diegene wat dit doen.

Romeine 3:20-28.

Titus 3:3: Want ons was ook voorheen onwyses, ongehoorsames, dwalendes, dienaars van menigerlei begeerlikhede en welluste, en het gewandel in boosheid en nyd en het mekaar gehaat.

Romeine 8:7: Want om vleeslik gesind wees, is vyandskap teen God, aangesien dit nie aan die Wet van God onderdanig is nie, want dit kan dit ook nie wees nie.

Vraag 36: Hoe is die totale denke en handeling van die mens dan nou?

Antwoord: Om sy eie sin, begeerte en wil te hê en nie daarvan af te sien nie, ook al gaan dit daarby om hemel of hel; om sy eie ek, sy gemaksug en eer, sy bestaan op die voorgrond te stel in stryd met God se Woord en ten spyte van die bestraffing van die Heilige Gees.

Vraag 37: Is dit dan vir die mens heeltemal onmoontlik om in God se Woord te bly?

Antwoord: Ja, want die begeerte na die sigbare en die verlange om sy heil in eie hand te hê, oorweldig hom geheel en al.

Vraag 38: Waaruit weet jy dit alles?

Antwoord: Uit die Wet van die Here. Eks. 20; Deut. 5.

Vraag 39: Hoe lui die inleiding van hierdie Wet?

Antwoord: *"Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipteland, uit die dienshuis gelei het."*

Vraag 40: Hoe verstaan jy "Ek is die Here jou God"?

Antwoord: As die sterkste uitstorting van die ingewande, van die liefde en van die barmhartigheid van God.

Vraag 41: Hoe gedra jy jou ten opsigte van hierdie Woord?

Antwoord: Ek maak die skepsel wat my vlei en waarvan ek genot of iets anders verwag tot my god, en laat my daardeur beheers, sodat ek nóg hart nóg ore het vir hierdie woorde, tensy die Almagtige Self tussenbeide tree.

Vraag 42: Maar jy is tog nie uit Egipteland gelei nie?

Antwoord: Die naam is nie ter sake nie. Al die sigbare is daarop uit om my in slawerny en diensbaarheid te stel.

Vraag 43: Wat sê die woorde dan vir jou: "Ek het jou uitgelei"?

Antwoord: Ek het jou vrygemaak van die diensbaarheid aan die verderf om My te dien en my eiendom te wees met liggaam en siel, met alles wat jy is en het.

Romeine 6:22: Maar nou dat julle van die sonde vry is en diensknegte van God geword het, het julle julle vrug, sodat julle heilig geword het; die einde (is) egter die ewige lewe.

Vraag 44: Hoe gedra jy jou in hierdie opsig?

Antwoord: Ek verlang nie eenmaal na hierdie vryheid nie, tensy dit sou wees dat die boei my te veel druk en seermaak en ook dan net so lank hierdie druk voortduur.

Die Tien Woorde van die Wet, wat die Here vir ons op Sinai gegee het

Die eerste Woord

Vraag 45: Hoe lui die eerste Woord?

Antwoord: *Jy sal nie ander gode voor my aangesig hê nie.*

Vraag 46: Wat wil die Here daarmee sê?

Antwoord: Dat ek ver van my werp alles wat die wêreld, of wat ek volgens my verstand vir godsdiens, vroomheid, heil of geregtigheid aansien, en op niks anders my vertrou stel as op my God se hart, Woord, wil en genade nie.

Vraag 47: Hoe gedra jy jou in hierdie opsig?

Antwoord: Ag, ek ver wag dit voortdurend van die skepsel, gee ter wille van die skepsel toe, is vol vrees as wêreld en duiwel teen my woed, sodat ek die wil van my God prysgee; ek dink kwaad van my genadige God en Heiland, en daarom is ek vol twyfel as dit daarop aankom om die leer van Christus vas te hou; dan sidder en beef ek, asof die leer van Christus afgodery sou wees en asof die afgode die lewende God sou wees.

Vraag 48: Wat sê die Apostel Johannes daarvan?

Antwoord: "Kindertjies, bewaar juisself van die afgode." 1 Joh. 5:21.

Vraag 49: Hoe het ons Here ons geleer om God aan te roep?

Antwoord: "Ons Vader."

Die tweede Woord

Vraag 50: Hoe lui die tweede Woord?

Antwoord: *Jy sal nie vir jou 'n beeld of enige gelykenis maak, nóg van dit wat bo in die hemel is, nóg van dit wat onder op die aarde is, nóg van dit wat in die waters onder die aarde is nie; jy sal hulle nie aanbid of hulle dien nie, want Ek is die Here jou God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, tot in die derde en die vierde geslag van diegene wat My haat en Ek bewys barmhartigheid aan vele duisende wat My liefhet en my geboorte onderhou.*

Vraag 51: Wat beteken "Jy sal vir jou geen beeld of enige gelykenis maak nie"?

Antwoord: Eerstens, dat ek vir my tydelike ontkoming, vir uitkoms uit elke nood, soos ook vir my sielsvrede en my ewige redding nie my toevlug tot die skepsel neem nie, hoe dienlik dit ook al vir my blyk te wees, maar tot die lewende, genadige, enigste wyse en regverdige Ontfermer.

Tweedens, dat ek geen beelde van heiliges, geen voorstellings of leringe van God se wese, waarheid en heil opstel nie, wat weliswaar die skyn van 'n godsalige wese het, maar nie na God se Gees, nie in ooreenstemming met sy leer van geregtigheid is nie en dus ook die troos van die Heilige Gees mis.

Derdens, dat ek vir die skepsel wat my van die wil en die aanbidding van God in die Gees en in die waarheid wil weghou, geen oomblik swig nie, en geen enkele menslike nabootsing en namaking van my onsigbare en ewige Koning huldig nie.

Vraag 52: Hoe gedra jy jou in hierdie opsig?

Antwoord: Dit is vir my soos 'n wonder wanneer ek versterk word om alles prys te gee, sodat ek die gebooie van my God bewaar, of wanneer ek die moed het om van elke verkeerde wese te sê: Dit is nie God nie; en dit voel vir my asof ek alleen in die wêreld oorgebly het wanneer ek daarteen getuig het, sodat ek moeg is vir my lewe. Vgl. Jer. 20:14-18.

Vraag 53: Wat beteken die woord misdaad hier?

Antwoord: Die mens se "weggaan van die lewende God" om êrens elders sy heil (genade, vgl. Jona 2:9) te soek, wat ook "sonde" heet in die brief aan die Hebreërs, onder andere hfst. 10:26: "Want as ons moedswillig sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, het ons geen ander offer meer vir die sonde nie."

Vraag 54: Wat verstaan die Skrif hier onder "gebooie hou"?

Antwoord: Om te wandel in die gesonde leer en nie skaam te wees vir die getuienis van Christus nie.

Vraag 55: Waarom staan hier "barmhartigheid"? "Ek bewys barmhartigheid"?

Antwoord: Ons behoort nie oor die bly in die Woord van die Here te roem nie.

Vraag 56: Maar sal die kinders die misdaad van hulle vaders dra?

Antwoord: Ja, as hulle die Here haat soos hulle vaders.

Vraag 57: Wat is dit "om die Here te haat"?

Antwoord: Om sy heilige Woord ter syde te stel en die leer van die vlees aan te neem en dit te volg.

Vraag 58: Waarop moet jy besonder ag gee?

Antwoord: Op die woorde "aan vele duisende", in teenstelling met "tot in die derde en vierde geslag", want daaruit sien ons die rykdom van sy genade, sodat ons tog daarin glo.

Vraag 59: En hoe gedra jy jou in hierdie opsig?

Antwoord: Ondanks alle versekering van bo, is ek teenoor die geeste wat nie uit God is nie, soos 'n riet wat die wind heen en weer waai.

Vraag 60: Hoe het ons Here Jesus Christus ons geleer om te bid?

Antwoord: "*Ons Vader in die hemele.*"

Die derde Woord

Vraag 61: Hoe lui die derde Woord?

Antwoord: *Jy sal nie die Naam van die Here jou God ydellik gebruik nie, want die Here sal hom nie rein beskou wat sy Naam ydellik gebruik nie.*

Vraag 62: Wat beteken "Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie"?

Antwoord: Dat ek hierdie Naam nie mag gebruik om my berekenings en kunste (vgl. Pred. 7:30) te volg of my weg, my denke en handeling daarmee goed te maak nie; nog minder om my onder aanroeping daarvan te vervloek, of by hierdie Naam ligtelik of sonder die diepste eerbied daarvoor te sweer.

Vraag 63: Hoe gedra jy jou in hierdie opsig?

Antwoord: Ag, ek gebruik hierdie Naam in my denke en oordeel en in gesprek met ander, na my en hulle goeddunke en volgens die welgevalle van die vlees, tensy die Gees van God deur my

sou spreek. Ook by misnoeë, by wrewel, by woede, by drif teen my naaste en weens onbeduidende dinge, ook by verwondering daaroor, toon ek onophoudelik dat ek die regte gebruik van die Naam van die Here glad nie ken nie.

Vraag 64: Mag ons ter bevestiging van die waarheid God as getuie aanroep?

Antwoord: Gewis.

Vraag 65: Is sweer dan nie oor die algemeen verbied nie?

Antwoord: Geensins nie. In die bekende woorde "Laat julle ja ja wees, en julle nee nee; wat bo dit is, is uit die bouse" (vgl. Matt. 5:37; Jak. 5:12), is glad nie sprake van die eed nie. Die ligsinnige, gedagtelose bekragtiging van onbenullige dinge, soos dit orals geskied en in gebruik is, word hier as boos gekenmerk en ernstig verbied.

Vraag 66: Hoe staan dit dan met die eed?

Antwoord: Die hele heilige Skrif bevestig dat ons, hetsy die owerheid dit sou vereis, of die liefde tot die naaste óf ons eie aangeleentheid dit vereis, nie slegs bevoeg nie, maar ook verplig is om, ter bevestiging van die waarheid, die Naam van God op plegtige wyse aan te roep, dit wil sê om 'n eed te sweer.

Vraag 67: Is daar vir hierdie handeling 'n formule voorgeskryf in die Skrif?

Antwoord: Dit juis nie, maar waar ons God as getuie aanroep oor die saligheid van ons siel, is die wyse waarop dit geskied ewe onbelangrik as die oorsaak waarom dit gebeur.

Vraag 68: Wat is die eerste bede in die gebed van die Here?

Antwoord: *Laat u Naam geheilig word!*

Die vierde Woord

Vraag 69: Hoe lui die vierde Woord?

Antwoord: *Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae sal jy arbei en al jou werk doen; maar op die sewende dag is die rus van die Here jou God. Dan sal jy geen werk doen nie, nóg jou seun, nóg jou dogter, nóg jou dienskneg, nóg jou diensmaagd, nóg jou vee, nóg jou vreemdeling wat in jou poorte is. Want in ses dae het die Here hemel en aarde gemaak en die*

see en alles wat daarin is, en Hy het gerus op die sewende dag; daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.

Vraag 70: Hoe moet 'n mens die woorde verstaan: "Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig"?

Antwoord: Omdat dit God behaag het om Homself vyf maal in hierdie Tien Woorde my God te noem, laat Hy my daaraan dink dat ek sy skepsel is, geskape in Christus Jesus, onder die heerskappy van goeie werke wat Hy tevore berei het vir my om in te wandel; ek moet my dus verbly oor sy lewe en sy volheid; sonder om godsaligheid vir my enigins 'n gewetensaak te maak waarin vlees poog om hom te versadig. Ef. 2:10; Joh. 1:16; Kol. 1:19.

Vraag 71: Hoe bewys jy dit?

Antwoord: Die apostel skryf aan die Hebreërs, hfst. 4:3, 4 en 10: "Want ons wat glo, gaan in die rus in, soos Hy sê: Dat Ek in my toorn gesweer het hulle sal in my rus nie kom nie. En hoewel die werke van die begin van wêreld gemaak was, het Hy op 'n plek van die sewende dag aldus gespreek: en God het op die sewende dag van al sy werk gerus. Want wie in God se rus gekom het, rus ook van sy werke, net soos God van syne." Die bedoeling van die Gees met die vierde Woord van die Wet is dus dit, dat ek die ewige sabbat reeds hier begin het.

Vraag 72: Het God nie ook 'n bepaalde dag daarmee bedoel nie?

Antwoord: Ja, gewis! En inderdaad vind sedert die opstanding van die Here, die viering van die rusdag plaas op die eerste dag van week, waarop ook die eerste gelowiges reëlmatig saamgekom het om gemeenskaplik opgebou te word in Christus.

Handelinge 20:7: Maar op 'n sabbat (die eerste van die weksdae), toe die dissipels saamgekom het om die brood te breek, het Paulus vir hulle gepreek en wou die ander dag vertrek en hy het die woord tot middernag uitgereek.

1 Korintiërs 16:2: Op elke sabbat (eerste dag van die week) moet elkeen van julle opsy sit en versamel wat hy goeddink.

Openbaring 1:10: En ek was in die Gees op die dag van die Here.

Vraag 73: Wat doen diegene egter wat saamkom waar die leer van Christus nie is nie?

Antwoord: Hulle breek die Sabbat net soos diegene wat op hierdie dag werk of laat werk. Hulle sorg dat nóg hulleself, nóg hulle ondergeskiktes op die dag opgebou word in Christus.

Deuteronomium 5:14 en 15: Maar op die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie, nóg jou seun, nóg jou dogter, nóg jou dienskneg, nóg jou diensmaagd, nóg jou os, nóg jou esel, nóg enige van jou vee, nóg die vreemdeling wat in jou poorte is, sodat jou dienskneg en jou diensmaagd rus soos jy. Want jy moet gedenk dat jy ook dienskneg in Egipte was en die Here jou God jou van daar uitgelei het met 'n magtige hand en uitgestrekte arm. Daarom het die Here jou God jou gebied dat jy die sabbatdag moet hou.

Vraag 74: Wat bemerk jy op die dag die meeste by jouself?

Antwoord: Hoe onmoontlik dit vir die vlees is om te rus in die heil wat God tot stand gebring het.

Vraag 75: Wat is die tweede bede in die gebed van die Here?

Antwoord: *Laat u koninkryk kom.*

Die vyfde Woord

Vraag 76: Hoe lui die vyfde Woord?

Antwoord: *Eer jou vader en jou moeder, sodat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God jou gee.*

Vraag 77: Wat sê die apostel Paulus vir die kinders met betrekking tot hulle ouers?

Antwoord: "Julle kinders, gehoorsaam julle ouers in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder; dit is 'n eerste gebod in belofte, sodat dit met jou goedgaan en jy lank lewe op aarde." Ef. 6:1-3 (na die Grieks).

Vraag 78: Watter nut het hy wat in 'n slegte land woon egter van hierdie belofte?

Antwoord: Die land wat God 'n mens gee, mag jy nie sleg noem nie. God se goedheid gee orals volgens die behoeftes. Daarom het Hy dit ook so beskik dat liefde vir die vaderland by elkeen aangebore is.

Vraag 79: Wat leer die ervaring ons?

Antwoord: Dat dit met diegene buitengewoon goed gaan wat hulle ouers gehoorsaam en in hulle ouderdom hartlik en kinderlik alle goedheid aan hulle bewys.

Vraag 80: Wie moet ons nog buiten ons ouers gehoorsaamheid, eerbied en liefde bewys?

Antwoord: Diegene wat God oor ons gestel het, hetsy deur ons ouers, hetsy deur ander leiding.

Vraag 81: Wie is hulle?

Antwoord: Die leraars wat ons uit God se Woord onderrig, die onderwysers, die mans en vroue in wie se diens ons is, en die owerheid.

Vraag 82: Wat sê die Skrif daarvan?

Antwoord: *Van die owerheid:* "Laat iedereen onderdanig wees aan die owerheid wat mag oor hom het, want daar is geen owerheid behalwe van God nie." Rom. 13:1.

Van die leraars, wat die Woord van God leer: "Gehoorsaam julle leraars en volg hulle, want hulle waak oor julle siele as die wat rekenskap daarvoor moet gee, sodat hulle dit met vreugde doen en nie met sug nie, want dit is vir julle nie goed nie." Heb. 13:17.

Van ander gesag: "Julle diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees met vrees en bewing, in eenvoud van hart, soos aan Christus; nie slegs met diens vir oë as mensebehaers nie, maar as die diensknegte van Christus, dat julle die wil van God van harte doen, met goeie wil, sodat julle die Here dien en nie die mense nie en weet dat wat elkeen goed doen, hy van die Here ontvang, of hy 'n dienskneg is of 'n vrye." En: "Wees alle menslike gesag onderdanig ter wille van die Here." Ef. 6:5-8; 1 Pet. 2:13.

Vraag 83: Wat sê die Skrif vir die ouers?

Antwoord: "Julle vaders, moenie julle kinders opwek tot toorn nie, sodat hulle nie moedeloos word nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here." Volgens Ef. 6:4 Kol. 3:21.

Vraag 84: En wat vir die huishere en huisvroue?

Antwoord: "Wat reg en billik is, bewys dit aan die dienaars, en laat die dreigemente staan, en weet dat julle ook 'n Here in die hemele het en dat daar geen aanneming van die persoon by Hom is nie." Ef. 6:9; Kol. 4:1.

Vraag 85: Waarom is die vyfde Woord 'n eerste gebod in belofte?

Antwoord: Omdat God se hele raad tot saligheid daarin vervat is dat ons hulle onderdanig en gehoorsaam is wat God volgens sy wil oor ons gestel het; want daarin, dat ons hulle eer en hulle onderdanig is, lê al ons eer en ons geluk, die ware vryheid en ewige heerskappy.

Vraag 86: Maar hierdie belofte is tog slegs vir hierdie lewe?

Antwoord: Hierdie lewe gaan oor in die ewigheid.

Vraag 87: Wat het engele tot duiwels gemaak?

Antwoord: Dat hulle die swakkeres nie wou dien nie. Vgl. Heb. 1:14 en Jud. 1:6.

Vraag 88: Hoe gedra ons ons ten opsigte van hierdie vyfde gebod?

Antwoord: In eie wysheid eer en glo ons onself meer as ons ouers, meerderes en die owerheid; 'n mens dink jy kan oor jouself regeer; 'n mens sien jou ouers en meerderes aan as persone wat tot diens daar is; ook het 'n mens inderdaad oë vir hulle gebreke, maar geen ore vir die vermanings van hulle ervaring nie.

Vraag 89: Hoe lui die derde bede?

Antwoord: *Laat u wil geskied op aarde soos in die hemel.*

Die sesde Woord

Vraag 90: Hoe lui die sesde Woord?

Antwoord: *Jy sal nie doodslaan nie.*

Vraag 91: Wat eis hierdie sesde Woord?

Antwoord: Dat ek my naaste nie die lewe ontnem nie, hetsy ek hom doelbewus doodslaan, of met gedagtes, woorde en werke, weens nyd, gierigheid, haat, toorn of wraakgierigheid en eieliefde hom skade en leed, verdriet en krenking aandoen nie, wat tog alles 'n bedekte doodslag is. As ek die saligheid van my onsterflike siel nie wil verloor nie, mag ek myself ook nie oorgee aan afkeer van hierdie lewe nie, of aan gedagtes van swaarmoedigheid en vertwyfeling toegee nie, asof my sonde of nood groter sou wees as God se genade en mag, en asof daar vir my geen genade of redding meer sou bestaan nie.

Jakobus 2:8-16: Indien julle die koninklike Wet volbring volgens die Skrif: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself," dan doen julle goed. Maar indien julle die persoon aansien, dan doen julle sonde en word deur die Wet bestraf as die oortreders. Want as iemand die hele Wet navolg en sondig teen een, is hy skuldig aan almal. Want Hy wat gesê het "Jy mag nie egbreek nie," het ook gesê "Jy mag nie doodmaak nie." Indien jy nie egbreek nie, maar doodmaak, is jy 'n oortreder van die Wet. Spreek en doen dus soos mense wat deur die Wet van die vryheid geoordeel sal word. Maar 'n onbarmhartige oordeel sal oor hom gaan wat nie barmhartigheid gedoen het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel. Wat help dit, liewe broeders, indien iemand sê hy het die geloof en het tog nie die werke nie? Kan ook die geloof Hom salig maak? Maar indien daar 'n broeder of suster naak sou wees en gebrek sou hê aan die daaglikse voedsel, en iemand onder julle sou vir hulle sê: God gee julle raad, verwarm en versadig julle; maar sou hulle nie gee wat die liggaam nodig het nie, sou dit hulle baat?

1 Kronieke 10:13 en 14: So het Saul in sy misdaad gesterf wat hy teen die Here gepleeg het, teen die woord van die Here, wat hy nie gehou het nie, dat hy die waarsegster gevra het, en nie die Here gevra het nie; daarom het Hy hom doodgemaak en die koninkryk aan Dawid, die seun van Isai, gegee.

Vraag 92: Wat sê die Skrif van die doodslag?

Antwoord: "Wie vir sy broeder sê: jou dwaas! hy is die helse vuur skuldig." Matt. 5:22. "Wreek julle nie, my geliefdes." Rom. 12:19. "Hê julle vyande lief, seën diegene wat julle vervloek, doen goed aan diegene wat julle haat; bid vir diegene wat julle beledig en vervolg." Matt. 5:44. "Wie sy broeder haat, is 'n moordenaar." 1 Joh. 3:15.

Vraag 93: Wat beteken "sy broeder haat"?

Antwoord: Dit doen wat koning Agab gedoen het, wat van die profeet Miga gesê het: "Ek haat hom, want hy profeteer niks goeds vir my nie, maar net kwaad." 1 Kon. 22:8.

Vraag 94: Hoe gedra ons ons ten opsigte van hierdie Woord: "Jy sal nie doodslaan nie"?

Antwoord: Ons wens ons naaste uit die weg, veral die regverdige, wanneer hy in ons pad is.

Vraag 95: Hoe lui die vyfde bede?

Antwoord: *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.*

Die sewende Woord

Vraag 96: Hoe lui die sewende Woord?

Antwoord: *Jy sal nie egbreek nie.*

Vraag 97: Wie het die huwelik ingestel?

Antwoord: God, wat gesê het: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom 'n hulp maak, wat aan sy sy sal wees." Gen. 2:18.

Vraag 98: Wat is egbreuk?

Antwoord: 'n Uittrede uit die verbond waarin God die mens, dit is man en vrou, geskape het; 'n veragting van sy Woord - "Hierdie twee moet een vlees wees", en 'n skending van die trou wat 'n mens aan sy wederhelfte verskuldig is. Gen. 2:24.

Vraag 99: Wat sê die apostel Paulus daarvan?

Antwoord: "Laat die huwelik eerbiedwaardig wees onder almal en die huweliksbed onbevlek; God sal hoereerders en egbrekers oordeel;" en: "Laat elke man sy eie vrou hê, en elke vrou haar eie man;" en: "Julle vroue, wees julle eie mans onderdanig soos aan die Here; julle manne, hê julle eie vroue lief soos ook Christus die gemeente liefgehad het." Heb. 13:4; 1 Kor. 7:2; Kol. 3:18; 1 Pet. 3:1; Ef. 5:22 en 25.

Vraag 100: Wat sê die Here van egbreuk?

Antwoord: "Wie 'n vrou beskou met die oogmerk om haar te begeer, hy het alreeds met haar die eg gebreek in sy hart." Matt. 5:28.

Vraag 101: Wat is gesê vir die eggenote?

Antwoord: "Julle manne, woon verstandig by julle vroue, en gee aan vroue, as die swakker vat, eer, aangesien hulle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is, sodat julle gebede nie verhinder word nie;" en: "Wees nie verbitterd teen haar nie." 1 Pet. 3:7; Kol. 3:19.

Vraag 102: En wat is gesê vir die eggenotes?

Antwoord: "Julle vroue, wees julle eie mans onderdanig, sodat, wanneer etlike van hulle hulle deur die Woord nie wil laat oortuig nie, hulle deur die wandel van die vroue sonder woord oorreed sal word, as hulle julle kuise wandel in vrees sal aanskou." 1 Pet. 3:1 en 2.

Vraag 103: Mag 'n mens 'n gelofte van kuisheid aflê?

Antwoord: Nee, want daarmee beskik 'n mens oor homself en ons moet ons met ons liggaam aan God oorgee, omdat die liggaam God se heilige eiendom is, sodat Hy na sy wil daarvoor beskik, hetsy dat ons trou in sy vrees, of dat ons in sy vrees ongetroud bly.

Vraag 104: Wat sê 'n apostel van die kuisheid?

Antwoord: "Julle weet watter gebooie ons julle gegee het deur die Here Jesus; want dit is die wil van God, julle heiliging, dat julle julle weerhou van hoerery en elkeen van julle weet om sy vat [liggaam - Kohlbrugge] te besit in heiliging en waardigheid, nie in die hartstog van die begeerte nie, soos ook die heidene, hulle wat God nie ken nie; want die Here wreek Hom op sulke dinge;" en: "God het ons nie geroep tot onreinheid nie, maar tot heiliging;" en: "Weet julle nie dat julle liggame tempels van die Heilige Gees is nie?" 1 Tess. 4:2-7; 1 Kor. 6:19.

Vraag 105: Hoe gedra ons ons ten opsigte van hierdie Woord?

Antwoord: Ons besef nie die menigte van ons oortredings solank hierdie Woord nie in ons harte lewe, en ons nie deur die getrouheid van God verpletter is om te erken dat ons geneig is om onself en ander te gronde te rig nie.

Vraag 106: Watter betekenis het die huwelik volgens Christus se Woord en Gees?

Antwoord: Hy wil daarmee 'n sigbare beeld van sy genade voorgestel hê, van die liefde van God en van die gemeenskap van die Heilige Gees met sy gemeente - 'n gemeente van sondaars wat Hy vir Hom geheilig het in sy bloed, wat Hy ook verniet liefgehad het. Ef. 5:23 e.v.

Vraag 107: Wat is hoerery en egbreuk in die figuurlike sin?

Antwoord: Om die genade van Jesus Christus en die geloof prys te gee onder die voorwendsel van heiliging en kuisheid volgens eie keuse, wat ook afgodery is.

Openbaring 22:15: Want buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodediensers en elkeen wat die leuen liefhet en doen.

Openbaring 14:4: Dit is hulle wat nie met vroue beplek is nie, want hulle is maagde en volg die Lam waar Hy gaan. Hulle is gekoop uit die mense tot eersteling van God en van die Lam.

Vraag 108: Hoe lui die sesde bede?

Antwoord: *Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bese.*

Die agtste Woord

Vraag 109: Hoe lui die agtste Woord?

Antwoord: *Jy sal nie steel nie.*

Vraag 110: Wanneer steel jy?

Antwoord: Wanneer ek met gedagtes of met die daad dit wat 'n ander s'n is hom ontnem, hetsy sonder sy wete, óf so dat ek misbruik maak van sy eenvoud of behoefte of magteloosheid om dit wat syne is, in my besit te kry.

Vraag 111: Wat is vir God "steel"?

Antwoord: Wanneer 'n persoon sy begroting verontagsaam, nie tevrede is met wat hy het nie en daarom skuld maak, ook wanneer hy sy naaste bedrieg.

Psalm 37:21: Die goddelose leen en betaal nie; maar die regverdige is barmhartig en vrygewig.

1 Tessalonisense 4:6: En dat niemand bedrog pleeg of sy broeder benadeel in die handel nie; want die Here is die wreker van dit alles, soos ons ook tevore gesê en getuig het.

Vraag 112: Hoe vaar ons ten opsigte daarvan?

Antwoord: Steel 'n mens nie op die een wyse nie, doen 'n mens dit tog op die ander; is dit nie groot dinge nie, dan is dit kleintjies, en omgekeerd.

Vraag 113: Wat leer ervaring ons?

Antwoord: Dat onregmatig verkrygte goed geen voordeel bring nie en dat 'n mens dus vyfvoudig verloor wat 'n mens met steel wen of dat 'n mens sy eie welstand en die van sy erfgename ondergrawe. Vgl. Eks. 22:1.

Vraag 114: Wat sê God se Woord daarvan?

Antwoord: "Geregtigheid, geregtigheid sal julle najaag; geen tweërlei gewig hê nie, maar 'n regte weegskaal en regte maatstok." Deut. 25:13; Lev. 19:36; Spr. 11:1 en 16:11.

Vraag 115: Waarop moet hulle let wat ryk is?

Antwoord: Dat hulle diegene wat vir hulle werk se loon nie inkort nie, maar dit betyds gee.

Deuteronomium 24:14 en 15: Jy mag die behoeftige en arme se loon nie terughou nie; hetsy hy een van jou broeders is of 'n vreemdeling wat in jou land en in jou poorte is; maar gee hom sy loon van die dag, dat die son nie daaroor ondergaan nie; want hy is behoeftig en onderhou sy siel daarmee, sodat hy nie die Here teen jou aanroep en dit sonde vir jou is nie.

Jakobus 5:4 en 5: Kyk, die loon van die arbeiders wat julle land geoes het, en deur julle afgetrek is, dit skreeu; en die geroep van die oeswerkers het gekom tot die ore van die Here Sebaoth. Julle het lekker geleeft op aarde, en julle welluste gehad en julle harte vet gevoer soos op 'n slagdag.

Vraag 116: En waarop moet hulle let wat behoeftig is?

Antwoord: Dat hulle van die rykes nie meer vir hulle arbeid en ware eis as van hulle wat nie ryk is nie; dat hulle vir hulle oorlewing nie na die vermoëtheid van hulle ryk naaste op die loer gaan lê nie, maar getrou arbei en God aanroep. Jak. 1:9; Jak. 2:9; Ps. 37:25; Ps. 34:7.

Vraag 117: Wat sê die apostel Paulus hiervan?

Antwoord: "Laat die een wat steel, nie meer steel nie, maar liever moeite doen om die goeie met die hande te bewerkstellig, sodat hy het om met die armes te deel." Ef. 4:28.

Vraag 118: Waarin lê die sonde van steel eintlik?

Antwoord: Dat ek, in plaas daarvan om vergenoegd te wees met dit wat God my in sy wysheid gee en van Hom te bid wat ek andersins nog nodig het, wegneem dit wat God aan 'n ander gegee het, en so God se seën en sy hulp versmaai. Rom. 2:17-22.

Vraag 119: Wat is steel in die figuurlike sin?

Antwoord: God nie gee wat God s'n is nie.

Vraag 120: Hoe lui die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood.*

Die negende Woord

Vraag 121: Hoe lui die negende Woord?

Antwoord: *Jy sal nie valse getuienis spreek teen jou naastes nie.*

Vraag 122: Wat beteken "valse getuienis spreek teen jou naastes"?

Antwoord: Dat ek dit wat deur my naaste reg en in geregtigheid gedoen en betuig is, uit eieliefde of haat, of omdat ek my ongeregtigheid nie wil erken nie, as ongeregtigheid opneem, of by ander as sodanig voorstel.

Vraag 123: Gee daarvan 'n voorbeeld.

Antwoord: Dit is wat Job se vriende wat sy vroeëre gedrag belaster het gedoen het. Job 22:4-10.

Vraag 124: Hoe gedra jy jou in hierdie opsig?

Antwoord: In my hart verdink ek altyd die wandel en die getuienis van die regverdige, totdat die uitkoms daarvan my beskaam.

Vraag 125: Wat sê die Skrif hiervan?

Antwoord: "Wie met sy tong nie kwaadsprek nie, sy naaste geen kwaad doen, en sy naaste nie smaad nie, met hom sal dit goed gaan," en: "n Valse getuie bly nie ongestraf nie, en wie onbeskaamd leuens vertel, sal nie ontkom nie." Ps. 15:3 en 5; Spr. 19:5.

Vraag 126: Watter bevel gee die apostel Paulus ons?

Antwoord: "Moenie vir mekaar lieg nie, julle wat die ou mens met sy werke uitgetrek het en die nuwe mens aangetrek het." Kol. 3:9 en 10. [Na die Grieks].

Die tiende Woord

Vraag 127: Hoe lui die tiende Woord?

Antwoord: *Jy sal nie jou naaste se huis begeer nie; jy sal nie jou naaste se vrou begeer nie, nóg sy dienskneg, nóg sy diensmaagd, nóg sy os, nóg sy esel, nóg enigiets wat jou naaste besit.*

Vraag 128: Kan jy hierdie "begeer" laat staan?

Antwoord: Ek kan dit wat my naaste besit en wat vir my beter voorkom as wat ek het, nie sien sonder om voortdurend dit wat God my genadiglik gegee het, geringer te ag nie en te dink: Het ek hierdie tog ook besit!

Vraag 129: Wat sê die Woord egter vir ons?

Antwoord: "Is dit te min wat jy het, dan moet jy my slegs vra en Ek sal nog hierdie en daardie daarby voeg." 2 Sam. 12:8; 2 Kron. 25:9.

Vraag 130: Wat is die gevaar van besit?

Antwoord: Dat 'n mens sy vertrouwe daarop stel en so dan moeilik salig word.

Matteus 6:19-21: Julle moet nie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde nie, aangesien die motte en die roes dit vreet, en diewe daarna grawe en dit steel. Maar vergader vir julle skatte in die hemel waar nóg motte nóg roes dit vreet en waar diewe nie daarna grawe of dit steel nie. Want waar jou skat is, daar is ook jou hart.

Markus 10:24: Maar die dissipels het hulle ontstel oor sy rede. Maar Jesus het hulle weer geantwoord en vir hulle gesê: Liewe kinders, hoe moeilik is dit vir diegene, wat so hulle vertrouwe op rykdom stel, om in die koninkryk van God te kom.

1 Timoteus 6:9 en 10: Dog die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke, en in vele dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat versink in die verderf en verdoemenis. Want geldgierigheid is 'n wortel van alle euwel, wat etlike begeer en daarom van die geloof afgedwaal en vele smarte vir hulleself veroorsaak het.

1 Korintiërs 6:9 en 10: Weet julle nie dat die onregverdiges nie die koninkryk van God sal beërf nie? Moet julle nie laat mislei nie; nóg die hoereerders, nóg die afgodediens, nóg die egbrekers, nóg die ontugtiges, nóg die homoseksuele, nóg die diewe, nóg die gierigaards, nóg die dronkaards, nóg die lasteraars, nóg die rowers sal die koninkryk van God beërf.

Vraag 131: Hoe lui die slot van die gebed van die Here?

Antwoord: *Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen!*

Vraag 132: Gee vir my die opsomming van alle gebooie in een.

Antwoord: Die belangrikste en grootste gebod is: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele jou siel, met jou hele gemoed, en met alle krag!" En 'n ander wat daarmee gelyk is: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Vraag 133: Met watter Woord het God allereerste sy Wet saamgevat?

Antwoord: Met die Woord: "Van die boom van die kennis van goed en van die kwaad sal jy nie eet nie."

Vraag 134: Maar is die Wet van die Tien Woorde nie uitsluitlik vir die Jode nie?

Antwoord: Daar is geen mens en volk wat nie die oortreding van hierdie Woorde, hoe hulle ook al uitgelê word, afkeur nie; en daarmee bewys alle volke dat die werk van hierdie Wet in hulle harte graveer is.

Romeine 2:1, 14 en 15: Daarom, o mens, kan jy jou nie verontskuldig nie, wie jy is, wat daar oordeel; want waarin jy 'n ander oordeel, verdoem jy jouself, aangesien jy juis dieselfde doen as wat jy oordeel. Want net so is die heidene wat die Wet nie het nie en tog van nature die voorskrifte van die Wet doen: hoewel hulle die Wet nie het nie, is hulle vir hulleself 'n Wet; daardeur bewys hulle dat die voorskrifte van die Wet in hulle harte geskryf is, aangesien hulle gewete en ook hulle gedagtes daarvan getuig wanneer hulle mekaar onderling beskuldig of verontskuldig.

Vraag 135: Wat is die slotsom van jou belydenis ten opsigte van God se gebooie?

Antwoord: Wat die apostel skryf: "Ek sou die sonde nie herken het andersins as deur Wet nie; want ek sou ook die begeerte nie herken het indien die Wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie," en: "Ons weet dat die Wet geestelik is; maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde." Rom. 7:7 en 14.

Vraag 136: Waartoe dien die Wet daarvolgens?

Antwoord: Dat ons van die mag van ons sonde oortuig word.

Vraag 137: Het God dan nie sy Wet en sy gebooie gegee sodat ons mense daarvolgens sou handel nie?

Antwoord: Gewis! Moses sê: Die woorde, wat ek tot julle spreek, is julle lewe. Deut. 32:47.

Vraag 138: Hoe verstaan jy dit?

Antwoord: Dat wanneer ek in die Woord van God bly, dit wil sê sy gebooie bewaar, die Woord Self reeds 'n blywende geluk hier en in die hiernamaals vir my geskep het, want in God se Woord is alle geluksaligheid vir my bevat. Neh. 9:29.

Vraag 139: Maar kan 'n mens, 'n sondaar, dan die gebooie van God onderhou?

Antwoord: Geensins nie; intendeel, hy begaan daaglikse oortredings.

Vraag 140: Waarom eis God dan van die mens iets wat hy nie kan volbring nie?

Antwoord: God wil dit van die mens uit die volheid van Christus hê. Uit hierdie volheid skenk Hy Self aan die mens dit wat Hy hom beveel.

2 Petrus 1:3-7: Aangesien allerlei van sy Goddelike krag (wat tot die lewe en die goddelike wandel dien) aan ons geskenk is deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur aan ons die dierbare en allergrootste beloftes geskenk is, naamlik dat julle daardeur die goddelike natuur deelagtig word wanneer julle die verganklike begeerte van die wêreld ontvlug het, spits daarom alle vlyt daarop toe om by julle geloof deug en by die deug nederigheid en by die nederigheid matigheid en by die matigheid geduld, en by die geduld godsaligheid, en by die godsaligheid broederlike liefde en by die broederlike liefde liefde jeens almal te voeg.

Vraag 141: Hoe verstaan ons mense egter die Wet?

Antwoord: Ons behandel die heilige Wet met dieselfde ligsinnigheid, met dieselfde aanmatiging, as die kinders van Israel toe hulle gesê het: "Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen," terwyl ons nie daaraan dink in watter dood ons is nie. Eks. 19:8.

Vraag 142: Wat is die gevolg daarvan?

Antwoord: Ons sien in die hele geskiedenis van die Jode dat God sulke aanmatiging nie ongestraf laat verbygaan nie; terwyl hulle hulself as regverdig en vroom beskou het, het hulle hulle nie deur die profete laat oortuig van die ongeregtigheid en laat bestraf nie, en so het hulle hulself in die verderf gebring. Ps. 106; 2 Kron. 36.

Vraag 143: Gaan dit dan om so 'n presiese onderhouding van die Wet van God?

Antwoord: Ja seker! Daarom getuig ook die apostel Paulus van Moses, dat selfs hy uitgeroep het: "Ek is verskrik en sidder." Heb. 12:21.

Vraag 144: Watter vrug sal vir ons van God se kant daaruit spruit wanneer ons vir die Wet van God skrik, sidder, bewe, wegsink?

Antwoord: Dat die barmhartigheid van God in Christus Jesus oor ons kom, en God Self by ons woning maak te midde van ons onreinhede, Self ons vir Hom heilig, en ons so, soos ons is, by Hom opneem in ewige geregtigheid, ter wille van die geslagte Lam waarop God al ons sondes gewerp het.

Vraag 145: Sal ons dan op hierdie wyse met die Wet in ooreenstemming wees?

Antwoord: Gewis; want so gee God sy Heilige Gees, wat sy vrug met Hom meebring.

Vraag 146: Mag sodanige vrug dan geen diens van mensehande wees nie?

Antwoord: Nee, want alleen die Heilige Gees weet hoe in die Tien Woorde van die Wet gewandel moet word. *Ons* weet niks daarvan nie. Ons lê alles uit volgens heidense, onregverdige sedeleer en volgens ons onbarmhartige eieliefde, en nie na God se hart nie.

Vraag 147: Wat het ons dus nodig?

Antwoord: Dat die Heilige Gees ons dryf.

Vraag 148: Mag ons ons van die Wet losmaak?

Antwoord: Beslis nie. Die Wet van God bly ewig; en ons is in God verbind en verplig om dit jota en tittel te hou; so nie ons word getref deur die vloek van God. Daarom mag ons ook niks daarvan wegneem nie, ook niks daarby voeg nie.

Vraag 149: Ek dag egter die leer van die apostels is dat die Wet vir ons afgeskaf sou wees?

Antwoord: Dit het die apostels nooit geleer nie; hulle het egter wel sterk daarop aangedring dat 'n mens die skadu's en beelde van die Wet, bv. die besnydenis of die seremoniële reiniging en heiliging nie naas Christus of in die plek van Christus sou stel om so aan die Wet van die tien gebooie gelyk te kom, of om so met die Wet van die tien gebooie in ooreenstemming te kom nie, want die hele Wet beoog en bedoel alleen Christus.

Vraag 150: Watter betekenis het die skadu's en beelde van die Wet dan gehad?

Antwoord: Die skadu's en beelde was 'n prediking van die reeds in die paradys beloofde Vrouesaad en het 'n einde gehad toe Christus in die vlees gekom het. In hierdie opsig noem die

apostel die Wet 'n opvoeder (tugmeester) tot Christus en voeg daaraan toe dat, sedert die geloof gekom het, ons nie meer onder 'n opvoeder sou wees nie. Gal. 3:23-25.

Vraag 151: Was hierdie leer van die apostels nuut en besonders?

Antwoord: Geensins nie! Net soos die apostels, het die profete en die Israel van God dit van lankal af verstaan. Wanneer ons lees hoe die heiliges die Wet van God, sy gebooie en regte liefgehad en geprys het, dan moet ons dit so verstaan: dat hulle die barmhartigheid, genade, liefde en trou van God geprys het, hoe Hy hulle in sy Christus opgeneem en deur sy Gees in sy weë en na sy wil gelei het.

Vraag 152: Was dit dan in die woestyn van Israel weerhou?

Antwoord: Beslis nie! Inteendeel, Moses het met die prediking van Christus van Sinai gekom, terwyl hy die Wet van die Tien Woorde in 'n kis moes lê. Vgl. Joh. 5:46; Eks. 34.

Vraag 153: Wat beteken dit?

Antwoord: Hierdie kis of ark beteken Christus; in Hom was die wil van God, om die wil van God te doen. Heb. 9.

Vraag 154: As Christus nou egter reeds die wil van God gedoen en dus die Wet vervul het, waarom moet die Wet dan nog voorgehou word?

Antwoord: Omdat wat die Wet wil hê aanwesig moet wees, daarom word die Wet aan ons voorgehou, sodat ons waarlik in Christus se gemeenskap bevind sou word; in Wie se gemeenskap alles vir ons voorhande is.

Vraag 155: Behoort ons dan die Wet as 'n spieël te gebruik om daarin te sien hoe ver ons in die heiliging gevorder het?

Antwoord: As 'n spieël van die sonde moet ons die Wet beskou en ons alleen uitstrek na die Here wat ons geregtigheid is en Hom vashou.

Vraag 156: Maar mag die Wet nie naas Christus geneem word as leer van die sedes en van heiliging nie?

Antwoord: Geensins nie; die apostel Paulus stel in hierdie opsig die Wet voor as 'n man deur wie ons vir die dood vrugte gedra het, as 'n man wat gesterf het en vir wie ook ons gesterf het in

die dood van Christus. So moet ons ons dan aan die nuwe man, Christus, oorgee, by wie ons vir God vrug dra, dit wil sê in ooreenstemming met die Wet lewe. Rom. 7:1-6.

Vraag 157: Waarom hou die apostel dit aan ons voor?

Antwoord: Omdat ons mense meen om deur die geloof met die Wet vooruit te kan kom, terwyl dit geestelik maar ons vleeslik is; maar sodat ons die Wet bewaar, het Christus dit uit ons hand geneem; derhalwe is ons nie meer onder heerskappy van die Wet nie, maar onder heerskappy van die genade, en uit die volheid van hierdie genade word ons koninklik geskenk wat goed en reg is in God se oë.

Vraag 158: So hou ons dan die Wet volkome?

Antwoord: Ons doen niks goeds waarby ons nie sondig nie; ons is egter volmaak in Christus, volgens God se genadige toerekening en bedekking in die volmaaktheid van Christus.

Vraag 159: Wat is dus in min woorde jou leer van die Wet?

Antwoord: Die Wet is die sigbare verteenwoordiger van God op aarde. Ons kan sy wil alleen uit die Wet van die Tien Woorde ken, en ons moet ons handel en wandel daarna rig. Die Wet moet dus hoog geëer en gehandhaaf bly in die gemeente. Maar daarom, omdat ons mense en sondaars is, moet ons geheel en al afstand doen van ons waan dat ons ook net 'n enkele gebod van die Wet sou kon vervul, en moet ons [vervulling - A.H.B.] geheel en al in Christus wees, sodat die Wet nie geskend word nie, maar in waarheid by ons vervul word.

Vraag 160: Wat is sekerlik die gevaarlikste dwaling ten opsigte van die Wet van God?

Antwoord: Dat die mens meen dat dit nie so presies daarop aankom nie, en dat hy dan ter wille van die buik en ydele genot en verkwisting reken hy mag met soveel van die Wet wegdoen of mag soveel daaraan toevoeg as wat met sy omstandighede ooreenkom - waarby hy homself dan vlei met die geloof, met die barmhartigheid van God en met die verdienste van Christus.

Vraag 161: Hoe staan die ware gelowige dan teenoor die Wet?

Antwoord: Hy het dit van harte lief; want hy sien daarin 'n ketting van die trouste beloftes van God en die heerlikste handhawing, sowel van die eer van God as van sy eie geluk. Daarom gee hy homself prys en is suiwer op geregtigheid uit.

Tweede gedeelte: Dat God God is

Vraag 162: Wat wil jy daarmee sê, dat God God is?

Antwoord: Terwyl ek erken dat ek 'n mens, 'n sondaar is, gee ek aan God die eer dat Hy nie anders is as hoe Hy Hom aan my in sy Woord bekendmaak nie.

Vraag 163: Hoe het Hy Hom dan daarin bekendgemaak?

Antwoord: As 'n regverdige en rein God in Wie se handeling en uitsprake glad geen onreg is nie, maar net liefde tot ons, sodat dit met ons goed gaan.

Vraag 164: Hoe het Hy sy geregtigheid geopenbaar?

Antwoord: Daarin, dat Hy vir Homself daargestel het wat reg is in sy oë.

Vraag 165: Waarom het Hy vir Homself daargestel wat reg is in sy oë?

Antwoord: Uit louere genade en barmhartigheid vir my, arm, verlore en verdoemde mens, soos dit met sy heilige Wese ooreenkom.

Vraag 166: Wat is reg in sy oë?

Antwoord: Dat sy Wet opgerig, die sonde uit die midde verwyder en sy skepsel so in geregtigheid voor Hom gestel sal word.

Vraag 167: Hoe het God sy Wet opgerig, die sonde uit die midde verwyder en so die mens in geregtigheid voor Hom gestel?

Antwoord: In sy eniggebore en geliefde Seun Jesus Christus, ons Here.

Vraag 168: Waardeur?

Antwoord: Deur sy geboorte, getuienis, dood, opstanding, hemelvaart en inbesitneming van die koninkryk.

Van die geboorte van ons Here Jesus Christus

Vraag 169: Hoe het die ouers van ons Here geheet?

Antwoord: Josef en Maria.

Vraag 170: Van watter stam en geslag was sy ouers?

Antwoord: Van die stam van Juda; Josef van die geslag van Dawid uit Nathan volgens Lukas 3, en Maria van die geslag van Dawid uit Salomo volgens Matteus 1.

Vraag 171: Is Josef die ware vader van ons Here?

Antwoord: Nee, Josef was die pleegvader van ons Here.

Vraag 172: Waarom het God Hom 'n pleegvader gegee?

Antwoord: Maria was aan Josef verloof. Terwyl God haar haar weg laat gaan het soos sy dit as mens ingeslaan het, het Hy tog tegelykertyd daarvoor gesorg dat sy Raadsbesluit volbring sou word. Dog is Maria se huweliksverbintenis met Josef eers nadat die Here gebore is voltrek - en so is dit God se manier van doen dat Hy sy weldaad vir die oë van die mens verberg: Hy wil dat dit *geglo* word.

Vraag 173: Hoe is ons Here dan gebore?

Antwoord: Uit Maria - die maagd.

Vraag 174: Waarom moes die Here uit 'n maagd gebore word?

Antwoord: Dit het God reeds tevore in die paradys bepaal, toe Hy uitdruklik 'n Vrouesaad belooft het en daarmee alle krag van die man uitgesluit het. Dit het God behaag om, na Adam se oortreding, die heil te laat voortkom uit die swakke en onmoontlike.

Vraag 175: Ken jy daarvoor nog ander getuienis in die Skrif?

Antwoord: Jesaja sê met duidelike woorde in hfst. 7:14: "Kyk, die maagd is swanger en baar 'n Seun en noem sy naam Immanuel," dit is: "God met ons"!

Vraag 176: Op watter wyse is hierdie belofte vervul?

Antwoord: Die belofte aangaande die Christus wat aan Dawid gegee is (2 Samuel 7), was neergelê in Salomo. Uit sy nakomelingskap was geen manlike lid meer as kroonprins aanwesig nie en in die volheid van die tyd het slegs die kroonprinses Maria oorgebly, die dogter van Jakob volgens Matt. 1:16; en derhalwe moes uit haar as maagd die Beloofde voortkom, indien God se Woord vervul sou word.

Vraag 177: Maar Maria word tog reeds tevore Josef se vrou genoem?

Antwoord: So heet sy volgens die Wet as sy verloofde. Dat sy 'n maagd was, daarvoor het ons, behalwe haar antwoord aan die engel, "Hoe sal dit gebeur, aangesien ek geen man beken het nie?", die onverdachte getuienis van die Heilige Gees.

Matteus 1:18 en 25: Die geboorte van Jesus Christus het so verloop: Toe Maria, sy moeder, aan Josef verloof was, voordat hy haar tuisgebring het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. En (Josef) het haar nie beken nie, totdat sy haar eerste Seun gebaar het, en hy het Hom Jesus genoem. Vgl. Deut. 22:23 en 24.

Vraag 178: Maar is dit nie teen die gesonde verstand dat ons Here uit die maagd gebore is, sonder die toedoen van 'n man nie?

Antwoord: Nee, want as die verstand oor duisend ander dinge moet besluit: "dit is God se vinger!", of: "dit kan net God!", dan kan dit sekerlik wel besluit dat God magtig was om 'n maagd te laat baar.

Vraag 179: Hoe is ons Here deur die maagd ontvang en gebore?

Antwoord: Deur die neerdaal van die Heilige Gees op haar en deur die oorskaduwing van die mag van die Allerhoogste.

Vraag 180: Wat beteken dit dat die Heilige Gees op Maria gekom het?

Antwoord: Dat die mag van die liefde van God tot my, arm verlore mens, op die maagd neergedaal het, sodat sy die woord van die engel: "Jy sal 'n Seun baar", geglo het.

Vraag 181: Waar staan dit geskryf?

Antwoord: So het Elisabeth vir Maria gesê: "Salig is jy wat geglo het." Luk. 1: 45.

Vraag 182: Hoe is ons Here dus ontvang?

Antwoord Die Heilige Gees het in die maagd die geloof verwek en haar deur hierdie geloof laat ontvang, toe sy die ewige Woord, dieselfde Woord van die Vader waarin ook hemel en aarde geskape is, in haar opgeneem het.

Vraag 183: Wat beteken dit dat die mag van die Allerhoogste haar oorskadu het?

Antwoord: Dat die mag van Hom wat bo alles is, haar in staat gestel het om iets so ongewoons en skynbaar teennatuurliks te volbring.

Vraag 184: Waarom moes ons Here deur die geloof ontvang en gebore word?

Antwoord: Omdat Hy as die Here uit die hemel Hom op geen ander wyse hier benede in ons toestand sou kon bevind en in hierdie toestand van ons sou kon kom, as juis deur die geloof nie, waardeur alleen alles rein en heilig bly.

Vraag 185: In watter toestand het ons Here gekom en in watter toestand was Hy dus hier?

Antwoord: Soos geskryf staan: "Die Woord het vlees geword", en: "Jesus die Christus is een wat in die vlees gekom het."

Jobannes 1:14: En die Woord het vlees geword, en het onder ons gewoon, en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eengeborene van die Vader, vol genade en waarheid.

1 Johannes 4:2: Daaraan ken julle die Gees van God: elke Gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God.

Vraag 186: Wat beteken dit?

Antwoord: Ons is vlees, dit wil sê nie Gees nie, derhalwe is ons geheel van God vervreemd, die dood en die duiwel is ons lot. In hierdie toestand van ons het die Here hier vir ons verkeer en was nogtans in soverre¹ nie wat ons was nie, omdat Hy dit *vir ons* gedoen het, maar Hy as sodanig die Here in die hemel was.

Vraag 187: Het God of het die Vader mens geword?

Antwoord: Nee, die Woord het vlees geword.

Vraag 188: Maar die Woord was God?

Antwoord: Die woord van 'n koning is die koning self. Maar waar 'n koning weliswaar nie sy woord vlees kan laat word nie, kon God dit wel doen.

¹ "insofern"

Vraag 189: Hoe het God deur die geboorte van ons Here Jesus Christus *DIE WET OPPERIG?*

Antwoord: God het sy Seun as die ander Adam na die aarde gestuur, om dit te herstel wat ons en Adam bederf het en derhalwe was dit die wil van God dat Hy "onder Wet" geword het.

Vraag 190: Wat bedoel jy daarmee dat die Seun van God "onder Wet" geword het?

Antwoord: Die Wet van God moes gedoen en vervul word, omdat dit van God is. In die woord "onder Wet" lê uitgespreek dat die Here in ons vlees en in ons swakheid gekom het vir ons, terwyl ons, hoewel tot die Wet verplig omdat dit van God is, die Wet so selde nakom dat ons veel eerder steeds aan die sigbare voorkeur gee. Aan dieselfde verset wat juis daaruit in ons ontstaan, aan dieselfde stryd was ons Here hier oorgegee, om nogtans - wat ons nie vermag het nie - die wil van God te doen; en dit het Hy gedoen, nie alleen sodat hierdie wil gedoen sou wees nie, maar ook sodat ons van hierdie verset verlos sou word en ondanks die verset op gelyke wyse in Hom die wil van God gedoen sou hê.

Vraag 191: Hoe het God deur die geboorte van Christus *DIE SONDE UIT DIE MIDDE VERWYDER?*

Antwoord: Omdat ons Here in die vlees gekom het, het Hy in ons toestand gekom; daardeur het Hy ons toestand van die sonde opgehef, want as die ander Adam is Hy deur God "sonde" gemaak vir ons en so het Hy, die Lam van God, die sonde van die wêreld opgehef en weggeneem.

Johannes 1:29: Die ander dag sien Johannes Jesus na Hom kom, en hy sê: Kyk, dit is die Lam van God, wat die sonde van die wêreld dra!

Vraag 192: Hoe het God deur die geboorte van Christus *DIE MENS WEER IN GERECHTIGHEID GESTEL?*

Antwoord: Deurdat God juis Hom, wat glad nie sonde geken het nie, vir ons tot sonde gemaak het, het Hy dit gedoen, sodat ons sou word die gerechtigheid van God in Hom; en so het die koms van Christus in ons toestand, wat sonde was, ons weer in die toestand verplaas waarin Adam oorspronklik was, van wie geskryf is: "die seun van God". Luk. 3:38; 2 Kor. 5:21.

Vraag 193: Wat beteken dit dat ons "gerechtigheid van God" geword het?

Antwoord: Dat ons in 'n verhouding is wat na God se welbehag, wil en Gees is.

Vraag 194: Hoe troos die geboorte van Christus, sy koms in die vlees jou dus?

Antwoord: Ek voel en bespeur wel dat ek vlees is, maar nogtans mag ek my voortaan daarop verlaat dat, terwyl Hy in my toestand die wil van die Vader gedoen het, Hy my juis daardeur uit my toestand verlos het, en dat ek die wil van God doen wanneer ek dit gewis as waar aanvaar; want hy wat glo dat God Jesus gestuur het, doen die werk van God.

Johannes 6:29: Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Dit is die werk van God, dat julle glo in Hom wat Hy gestuur het.

Van die getuienis van ons Here

Vraag 195: Hoe het God deur die getuienis van Christus DIE WET WEER OPPERIG?

Antwoord: God het sy Gees op Hom laat rus, in welke Gees ons Here deur daad en leer die regte kennis van God en die eintlike betekenis van sy Wet gehandhaaf het. Joh. 1:32 en 33; Jes. 61:1.

Vraag 196: Wat is die regte kennis van God?

Antwoord: Dat Hy wat hemel en aarde en alles geskape het, die God en Vader van ons Here Jesus Christus en derhalwe ook ons God en liefhebbende Vader in die hemele is, van Wie ons in Christus alles het wat vir ons vir hierdie lewe en die lewe in die hiernamaals nuttig is.

Vraag 197: Watter gedagtes koester ons dan self van God?

Antwoord: Self vertrou ons Hom nie as ons Vader nie; veel eerder beskou ons Hom as 'n God vir Wie ons ons moet afsloof, sodat Hy nie nors word nie.

Vraag 198: Wat is volgens die Here se getuienis die bedoeling van God met sy Wet?

Antwoord: Die erkenning dat ons, hoewel verlore en verdoemenswaardige mense, in Christus by God in genade opgeneem is, sodat ons in sy Wet wandel, aan sy hand, na sy Gees en nie na ons goeddunke nie.

Vraag 199: Watter ontvangs het hierdie getuienis by ons gekry?

Antwoord: Niks anders as teenspraak moes die Here van die sondaars verduur nie.

Hebreërs 12:3: Gedenk Hom wat sodanige teëpraat van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle moed nie afstomp en julle ophou nie.

Vraag 200: Hoe lê ons dan die Wet uit?

Antwoord: Ons meen ons is godvresende mense, wat God alleen aanbid, sy Naam heilig, ook elkeen gee wat hom toekom - ons beskou onself as beminlik, eerlik, kuis, gehoorsaam en wil niks daarvan weet dat ons die teendeel is nie.

Vraag 201: En verder?

Antwoord: Ons verontskuldig ons soveel ons kan, wanneer ons 'n slag van ons verkeerdheid bewus word; ons dink dat dit vereffen is, as ons meen dat ons dit weer goed gemaak het en staan steeds op ons vroomheid.

Vraag 202: Wat is egter, volgens die getuienis van Christus, die korrekte handhawing van Wet?

Antwoord: Dit, dat 'n mens sodanige vroomheid, al het dit ook nog so 'n mooi skyn, nie huldig nie, maar na die Gees van die Wetgewer met die Wet omgaan, nie na homself vra nie, maar na God, en dit aan Hom toevertrou dat ons op hierdie wyse wel volgens sy wil sal wees.

Vraag 203: En wat is die Gees van die Wet?

Antwoord: Reddende liefde wat, waar die verlorene homself te gronde wil rig, dit aan geen vorms steur nie en van die skadelike vorms weghelp; wat egter, as dit kwaadwillig misken word, net so beslis op die vorms staan teenoor diegene wat, ongeag die onderwysing, hulle in hulle eiewaan met die vorms teen die Gees wil handhaaf.

Vraag 204: Hoe het God egter deur die getuienis van Christus *DIE SONDE UIT DIE MIDDE VERWYDER*?

Antwoord: Die sonde ontstaan deur die verkeerde gesindheid met betrekking tot die Wet. Aangesien Christus ons nou deur daad en leer die Gees van die Wet meegedeel het, moet die verkeerde gesindheid ten opsigte van die Wet en die verkeerde toepassing ophou by hulle wat in Hom glo.

Vraag 205: En hoe het God ons deur die getuienis van Christus *IN GERECHTIGHEID GESTEL*?

Antwoord: Deurdat die verkeerde gesindheid en toepassing opgehou het, moes noodwendig 'n gesindheid ten opsigte van die Wet by ons ontstaan wat volgens God is en 'n toepassing van die Wet volgens Gees.

Vraag 206: Wat is die samevatting van die getuienis van Christus aangaande die mens, aangaande God en aangaande Homself?

Antwoord: Dat die mens, wat hy ook al van homself beweet, niks is nie; dat hy, hoe vroom, hoe wys, hoe heilig, hoe geleerd, hoe bekwaam hy ook al mag wees, en wat hy ook al van God ontvang het, God tog verlaat, opoffer en doodmaak as God met sy getuienis na hom toe kom; dat God alleen egter regverdig is, omdat Hy ons alles, lewe en saligheid, in Christus Jesus uit genade skenk; en eindelijk dat Christus alles in almal is en dat ons in Hom weer tot God gebring is.

Kolossense 3:11: Waar nie Griek, Jood, besnydenis, voorhuid, nie-Griek, Skit, dienskneg, vrye is nie; maar Christus alles en in almal is.

Kolossense 1:20: En alles deur Hom versoen sou word met Homself, hetsy op die aarde of in die hemel, deurdat Hy deur Homself vrede gemaak het deur die bloed aan die kruis.

Vraag 207: Hoe troos dit jou?

Antwoord: Dat God Homself in Christus aan my, wat sy vyand was, as sy ewige vriend gegee het, waarby ek erken dat ek niks is nie en dat alles alleen sy ontferming is.

Romeine 5:10: Want soos ons, toe ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, soveel te meer sal ons salig word deur sy lewe, noudat ons versoen is.

2 Korintiërs 5:19: Want God was in Christus en het die wêreld met Homself versoen, en het hulle hulle sondes nie toegereken nie, en het onder ons die woord van versoening opgerig.

Vraag 208: Watter bewyse het ons Here in sy getuienis van hierdie ontferming gegee?

Antwoord: Ten eerste was die grootste bewys van hierdie ontferming dat Hy in die vlees hier was en onder ons gewoon het; voorts: die blindes het gesien, die lammes het geloop, die melaatses het rein geword, die dowes het gehoor, die dooies het opgestaan en vir die armes is die Evangelie gepreek. Wie hulle nie aan Hom geërger het nie, het salig geword. Wie na Hom gekom het, het Hy nie verwerp nie. Orals het Hy vermoedies en belastes vergiffenis van sondes geskenk, so het Hy tollenaars en hoere aangeneem; Hy het aan almal goed bewys en alles herstel.

Matt. 11:5 en 6; Joh. 6:37; Matt. 11:28; Matt. 9:11.

Van die kruisdood van ons Here

Vraag 209: Wanneer is ons Here gekruisig en het Hy gesterf?

Antwoord: Op 'n Vrydag, onder die Romeinse stadhouer Pontius Pilatus, toe Kajafas hoëpriester was.

Vraag 210: Vir wie het Christus gesterf?

Antwoord: Vir my en alle sondaars, wat anders nie weet waar ons lewe moet vind en vandaan moet haal nie.

Vraag 211: Hoe het God deur die dood van Christus *SY WET GEHANDHAAF?*

Antwoord: Toe God sy eie Seun vir ons in die dood gegee het, het Hy openbaar gemaak dat die doodstraf wat ons weens ons oortreding volgens sy Wet opgelê is nie onregverdig is nie, want anders sou die regverdige God sy Seun nie vir ons laat sterwe het nie.

Vraag 212: En verder?

Antwoord: Hy, hoewel Seun, het uit dit wat Hy gely het gehoorsaamheid geleer; Hy was gehoorsaam gewees tot die dood toe; daarmee het God die gehoorsaamheid wat ons aan die Wet skuldig was weer herstel. Heb. 5:8; Fil. 2:8.

Vraag 213: En derdens?

Antwoord: Solank die dood geheers het, kon die Wet nie bewaar word by die mense nie; hierdie dood het Hy tot niet gemaak deur sy dood.

Rom. 5:12; Jes. 25:8; Heb. 2:14; Op. 20:14.

Vraag 214: Vierdens?

Antwoord: Ons houding tot die Wet het meegebring dat óf die Wet óf ons tot niet gemaak moes word. Word die Wet tot niet gemaak, dan kon God nie God bly, en sy geregtigheid ook nie heers nie. En word ons tot niet gemaak, dan sou ons in skuld en ewige verdoemenis bly. So het God dan die Wet daarin gehandhaaf en verheerlik, dat Christus Hom vir ons tot niet laat maak het toe Hy in die dood gely het.

Jesaja 53:12: Daarom sal Ek Hom 'n groot menigte as buit gee, en Hy sal die sterkes as roof hê; omdat Hy sy lewe in die dood gegee het en gelyk aan die oortreders gereken is en Hy die sondes van vele gedra het en vir die oortreders gebid het.

Vraag 215: In watter opsig troos die dood van Christus jou dus?

Antwoord: Solank die Wet van God nie verheerlik was nie, kon daar van God se kant geen vrede op aarde wees nie; omdat die Wet van God egter deur Christus se dood weer verheerlik is, kan Hy ook in mense welbehae hê.

Romeine 5:10: Want soos ons, toe ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, soveel te meer sal ons salig word deur sy lewe, noudat ons versoen is.

Vraag 216: Maar waarom kon God, wat liefde is, die mense nie geneë wees sonder dat aan sy geregtigheid voldoen is nie?

Antwoord: Weens sy Wet; want geregtigheid kan slegs langs een weg goed bewys en uiteindelik gelukkig maak, naamlik 'n weg waarop die beginsels van geregtigheid nie prysgegee word nie. Gal. 4:4 en 5.

Vraag 217: In hoeverre was die dood van Christus dan nodig vir die verkryging van die welbehae van God?

Antwoord: Omdat ons na die regverdige oordeel van God in die dood gelê het en dus ewig van God geskei was, kon ons sonder 'n skending van die uitspraak van die Wet van God nie tot God kom tensy hierdie dood regmatig opgehef sou word nie, en dit kon slegs daardeur bereik word dat Christus ons dood vir ons gesterf het. Rom. 5:12.

Vraag 218: Watter betekenis het die dood van Christus dus?

Antwoord: Dit is 'n dood van boetedoening en 'n versoening vir ons sondes. Rom. 5:10; 1 Joh. 2.

Vraag 219: Hoe verstaan jy dit?

Antwoord: Dit was geensins 'n boetedoening of versoening soos dit by ons, mense, plaasvind nie, wat mekaar wel vergeef maar die misdaad self nie kan wegneem nie. Hierdie boetedoening van God se kant in Christus was so dat alles wat deur ons verdorwe is, geheel en al weer herstel is, heeltemal in ooreenstemming met die Wet van God, sodat ook ons weer herstel is. Dit was 'n versoening op sodanige wyse dat Christus ons weer in Hom tot God gebring het, en dat ons in sy genade begenadig is, sodat God sy vriendelike aangesig oor ons laat skyn.

1 Petrus 2:24: Wat self ons sondes aan sy liggaam geoffer het op die hout, sodat ons, aangesien ons die sondes afgesterf het, vir die geregtigheid sou lewe; deur wie se wonde julle genees is.

1 Petrus 3:18: Want Christus het ook eens vir die sondes gely, die Regverdige vir die onregverdiges, sodat Hy ons aan God sou geoffer het.

Vraag 220: Wat is God se toorn?

Antwoord: Haat vir en teensin in alles wat Hy nie so vind as wat Hy dit geskape het nie.

Vraag 221: Hoe kan so 'n haat by God aanwesig wees?

Antwoord: Juis omdat God 'n heilige en regverdige Wese is, kan sy oog nie met welgevalle rus op 'n wêreld wat anders is as wat Hy dit geskape het, en hom anders beweeg as wat Hy dit bepaal het nie.

Vraag 222: Hoe het ons dan nou redding van hierdie toorn?

Antwoord: Alleen in Christus, die Eersgeborene van alle skepsels (Kol. 1:15), deur Wie alles herskape en weer na God se verordening opgerig is.

Romeine 5:9: Veel meer dan sal ons, nadat ons geregtig is deur sy bloed, deur Hom bewaar word van die toorn.

1 Tesseloniese 1:10: En sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, naamlik Jesus, wat ons verlos het van die toekomstige toorn.

Vraag 223: Hoe het dit gebeur?

Antwoord: Deurdat Hy vrede gemaak het deur Homself deur die bloed van sy kruis. Kol. 1:20.

Vraag 224: Waarom egter deur sy dood?

Antwoord: Omdat ons almal in die dood en as gevolg daarvan onder die regverdige toorn van God gelê het, kon ons slegs in Hom, die Eersgeborene uit die dode, weer uit ons dood te voorskyn kom.

Vraag 225: Is die toorn van God daarmee in die algemeen opgehef?

Antwoord: Nee, wie die weldaad van Christus verwerp en homself nie aan Hom oorgee nie, op hom bly die toorn van God gerig; soos hierdie toorn voortdurend openbaar word uit die hemel oor al die goddeloosheid van die mens, wat die waarheid in ongeregtigheid onderhou. Joh. 3:36; Rom. 1:18.

Vraag 226: Hoe is deur die dood van Christus DIE SONDE UIT DIE MIDDE VERWYDER?

Antwoord: Omdat Hy was wat ons was, 'n mens in ons plek, het Hy ons sondes, ons afval van God, ons vyandskap en ons wederstrewing teen God en ons verdraaidheid in sy liggaam aan die kruis gedra, waarvoor Hy daaraan gely en gesterf het. Want wat Hy gesterf het, dit het Hy vir die sonde gesterf. 1 Pet. 2:24; Rom. 6:10.

Vraag 227: Waarom egter aan 'n kruis?

Antwoord: Om in Homself vir ons die skandelige en vervloekte van ons gedrag teenoor 'n God wat onuitspreeklik goed is en ons slegs goed wil doen bekend te maak. In die sin kan ook gesê word dat Hy 'n vloek geword het vir ons.

Hebreërs 12:2: Die oog gevestig op Jesus, die Aanvanger en Voleinder van die geloof, wat, toe Hy sekerlik vreugde kon hê, die kruis verdra het en skande nie geag het nie en laat sit is aan die regterhand van die troon van God.

Galasiërs 3:13: Maar Christus het ons verlos van die vloek van die Wet, aangesien Hy 'n vloek geword het vir ons; want daar is geskryf: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang!

Vraag 228: Wat was die gevolg daarvan?

Antwoord: Dat ons skande, smaad en vloek, of die skandelige, smaadvolle en vloekwaardige van ons gedrag jeens God, langs die weg deur God weggeneem is; want aan die vlees van Christus is die sonde in sy ware gedaante openbaar en deur God gevonniss.

Romeine 8:3: Want dit wat vir die Wet onmoontlik was (terwyl dit deur die vlees verswak was), dit het God gedoen en sy Seun gestuur in die gestalte van die sondige vlees en die sonde veroordeel in die vlees deur sonde.

Vraag 229: Wat het ons nog daardeur gekry?

Antwoord: Verlossing of kwytskelding van sondes in sy bloed.

Kolossense 1:14: In Wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergewing van sondes. Vgl. Ef. 1:7.

1 Johannes 1:7-9: Maar indien ons in die lig wandel, soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar, en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde. Indien ons sê dat ons geen sonde het nie, dan mislei ons onself, en die waarheid is nie in ons nie. Indien ons egter ons

sondes bely, Hy is getrou en regverdig, sodat Hy ons die sondes vergewe en ons reinig van alle ondeugde.

Vraag 230: Moet hierdie "in sy bloed" letterlik opgeneem word?

Antwoord: Ja, gewis.

Vraag 231: Hoekom?

Antwoord: Sodat ons van ons sondes verlos sou wees en in die lewe van God opgeneem sou word, moes ons lewe verwyder word. Aangesien die lewe, dit is die siel van die mens, in die bloed is, het Christus vir ons sy bloed vergiet en daarmee ons lewe op die aarde uitgiet.

Levitikus 17:11: Want die lewe van die vlees is in die bloed en Ek het dit vir julle op die altaar gegee, dat julle siele daardeur versoen word; want die bloed is die versoening vir die lewe. Jesaja 53.

Vraag 232: Hoe het God ons derhalwe deur die dood van Christus *WEER IN GERECHTIGHEID VOOR HOM GESTEL*?

Antwoord: Net soos diegene wat in die mag van die vyand of in slawerny is deur 'n losprys weer vrygekoop word, so het Christus Homself as losprys gegee om ons goddeloses te bevry van die mag van die duiwel en van alle sonde; en so het God deur Hom, die Regverdigte, wat sy lewe in die dood gegee en ons onregverdige teen Hom uitgeruil het, ons regverdig, heilig en onberispelik voor Hom gestel.

1 Petrus 1:18 en 19: En julle weet dat julle nie deur verganklike silwer of goud verlos is uit julle ydele wandel volgens die van julle vaders nie, maar deur die dierbare bloed van Christus, soos van 'n onskuldige en onbevleete lam.

Efesiërs 1:7: Deur Wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergewing van sondes na die rykdom van sy genade.

Matteus 20:28: Soos die Seun van die mens nie gekom het dat Hy Hom sou laat dien nie, maar dat Hy sou dien en sy lewe sou gee tot verlossing vir vele.

Hebreërs 2:14 en 15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit in gelyke mate deelagtig geword, sodat Hy deur die dood die mag sou wegneem van hom wat die geweld van die dood het, dit is die duiwel, en diegene sou verlos wat deur vrees vir die dood hulle hele lewe deur knegte moes wees.

Jesaja 53:11: Omdat sy siel gearbei het, sal Hy sy begeerte sien en die menigte hê, en deur sy kennis sal Hy, my Kneg, die regverdige, vele regverdig maak, want Hy dra hulle sondes.

Kolossense 1:22: Maar nou het Hy julle ook versoen met die liggaam van sy vlees deur die dood, sodat Hy julle heilig en onbestraflig en sonder smet voor Homself kon stel.

Vraag 233: Wat was die beweegrede vir die dood van Christus?

Antwoord: Sy eie, vrye besluit uit liefde tot sy Vader en tot ons. "U wil, o God," so spreek Hy, "doen Ek graag en u Wet het Ek in my hart." En weer: "Niemand neem my lewe van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. So 'n gebod het Ek van my Vader ontvang." Heb. 10:5; Ps. 40:8 en 9; Joh. 10:18.

Vraag 234: Hoe moet jy in het algemeen die lyding en sterwe van ons Here beskou?

Antwoord: As die daadwerklike bewys van albei hierdie waarhede:

Ten eerste, wat ons betref: dat ons, in watter stand ons ons ook al bevind, en hoe ons ons ook al mag beroem daarop dat ons daarin vir God welgevallig en pligsgetrou is, so min omgee vir God se barmhartigheid, dat ons veel eerder uit loutere eiegeregtigheid en vyandskap teen sy genade en liefde al ons heil bespuug, met hoon en smaad en smarte oorlaai en aan die kruis slaan.

Ten tweede, wat God betref: dat Hy deur die dood van sy Seun ons in sy lewe oorplaas, van die ewige verdoemenis en sonde verlos, en in sy geregtigheid gestel het uit loutere liefde tot ons en uit ewige genade *sonder om iets daarvan vir Homself te hê.*

Vraag 235: Waarom is Christus begrawe?

Antwoord: Christus is begrawe, sodat ons met al ons sondes, met alle werke van die vlees, in Hom van die aarde weggeneem en met die aarde gelykgemaak sou word.

Vraag 236: Waar was die Here dan toe Hy in die graf gelê het?

Antwoord: In die hel en in die mag van die duiwel. Hand. 2:27 en 31; Heb. 2:14.

Vraag 237: Waarom het Hy tot die derde dag in die graf gebly?

Antwoord: Omdat die ontbinding op die derde dag sou begin het.

Vraag 238: Waarom kon Christus die ontbinding nie sien nie?

Antwoord: Die hel en die duiwel kon Hom nie hou nie, omdat Hy die Heilige van God was, wat nie vir eie skuld in die graf gelê het nie. Want so spreek Dawid van Hom: "U sal my siel nie in die hel laat nie, U sal nie toelaat dat u Heilige die ontbinding sien nie;" en elders staan geskryf: "Hy sal ons na twee dae lewend maak, op die derde dag sal Hy ons laat opstaan, dat ons voor Hom lewe." Hand. 2:31; Ps. 16:10; Ps. 71:20; Hos. 6:2.

Vraag 239: Het Christus miskien, soos beweer is, ter helle neergedaal om daar vir die geeste te preek?

Antwoord: Glad nie. Die verkeerd uitgelegde woord "gevangenis" in 1 Pet. 3:19 het betrekking op die tydperk van 120 jaar wat aan Noag se tydgenote gegee is, welke tydperk vir hulle 'n bewaring was tot hulle bekering. En in hoofstuk 4:6 bedoel die apostel dat die Evangelie aan die dode verkondig is toe hulle nog geleef het. Vgl. Heb. 2:15.

Van die opstanding van ons Here

Vraag 240: Wat het die Here deur sy opstanding bewerk?

Antwoord: Hy het die ryk van die duiwel afgebreek en ons uit die mag verlos, ons wat gedurende ons hele lewe deur doodsrees aan die duiwel se slawerny onderworpe was.

Hebreërs 2:14 en 15: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit in gelyke mate deelagtig geword, sodat Hy deur die dood die mag sou wegneem van hom wat die geweld van die dood het, dit is die duiwel, en diegene sou verlos wat deur vrees vir die dood hulle hele lewe deur knegte moes wees.

Vraag 241: Hoe moet 'n mens dit verstaan, dat Christus Self die lewe weer aangeneem het, aangesien daar tog geskryf staan dat God Hom uit die dode opgewek het? Rom. 10:9.

Antwoord: Christus het opgestaan in die mag van die gebod, wat Hy daartoe van die Vader ontvang het. Deur sy geloof aan hierdie gebod het Hy die lewe weer geneem, en die Vader het gedoen volgens hierdie geloof.

Vraag 242: Wat beteken dit dat Christus uit die dode opgewek is?

Antwoord: Hy was vrywillig te midde van ons dooies, sowel in die midde van hulle wat in die grafte lê, as van hulle wat in hulle sondes en oortredinge bewys dat hulle dooies is. Uit sulke dooies het Hy lewendig te voorskyn gekom.

Hebreërs 13:20 en 21: Maar mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape opgewek het uit die dood, deur die bloed van die ewige Testament, ons Here Jesus, julle vaardig maak in alle goeie werk om sy wil te doen, en mag Hy in julle skep wat vir Hom welgevallig is.

Efesiërs 2:5: Toe ons dood was in die sonde, het Hy ons saam met Christus lewend gemaak.

Vraag 243: Op watter wyse is Hy die Eersgeborene uit die dood? Kol. 1:18.

Antwoord: Sy lewendwording het vir ons, dooies, 'n nuwe geboorte, 'n nuwe skepping tot stand gebring, waarin ons uit die dood nuutgebore is uit God. Van hierdie geboorte is Hy die Eerste, en Hy dra die sleutels van die hel en van die dood, sodat niemand daarin kan terugval nie, behalwe hy wat die weldaad van Christus verwerp.

2 Korintiërs 5:17: Daarom, indien iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die oue is verby; kyk, dit het alles nuut geword.

Openbaring 1:18: Ek was dood gewees, en kyk, Ek is lewendig in alle ewigheid en Ek het die sleutels van die hel en van die dood.

Vraag 244: Hoe het God deur die opstanding van Christus SY WET WEER OPPERIG?

Antwoord: Die Wet van God het nie ons dood ten doel gehad nie, maar die behoud van ons lewe; daarvolgens kon dit dus nie vir die Wet bevredigend wees as ons nie in 'n nuwe en ewige lewe sou terugkeer nie; in hierdie lewe het Christus ons teruggelei deur sy opstanding.

Matteus 19:17b: As jy egter in die lewe wil ingaan, onderhou dan die gebooe.

Romeine 6:23: Want die dood is besoldiging van die sonde, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here.

1 Johannes 5:11: En dit is die getuienis, naamlik dat God ons die ewige lewe gegee het; en daardie lewe is in sy Seun.

Johannes 6:57: Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek lewe om die wil van die Vader, net so sal diegene wat My eet, ook lewe om my ontwil.

Vraag 245: Hoe het God nou deur die opstanding van Christus *DIE SONDE TOT NIET GEMAAK?*

Antwoord: Dat ons geskei was van God was die prikkel vir ons sonde; want dat ons ons met *ons* uitleg van die Wet in 'n regte verhouding tot God wil bring, dit is vir ons die prikkeling van die sonde en die bron van alle sonde; aangesien Christus ons nou tot God gebring het, is die bekoring verby en is die prikkel van die sonde vernietig. Rom. 7.

Vraag 246: En verder?

Antwoord: Deur die verkeerde uitleg van die Wet het ons die mag tot die sonde gegryp; sedert ons egter in die opstanding van Christus die Wet volgens Gees verstaan, is die mag van die sonde gebreek.

Vraag 247: Wat nog verder?

Antwoord: Christus het alles tot eer van God gedoen; wat Hy nou lewe, dit lewe Hy vir God. Soos ons nou in Hom vir God lewend geword het, so kan sonde nie meer heers in hierdie nuwe lewe nie. Rom. 6.

Vraag 248: Hoe het God deur die opstanding van Christus *ONS WEER IN GERECHTIGHEID VOOR HOM GESTEL?*

Antwoord: Christus is nie vir Homself opgewek nie, omdat Hy nie vir Homself gesterf het nie, maar ons is met Hom opgewek. Hy sou egter nie opgewek gewees het as Hy die gerechtigheid nie sou aanbring nie. Soos Hy nou egter voor God is, so ook ons in Hom.

Efesiërs 2:5 en 6: Toe ons dood was in die sondes, het Hy ons lewend gemaak saam met Christus (want uit genade het julle salig geword), en het Hy ons saam met Hom opgewek, en het Hy ons saam met Hom in die hemel geplaas in Christus Jesus.

1 Johannes 4:17: Daarin is die liefde by ons volmaak, dat ons vreugde mag hê op die dag van die oordeel; want soos Hy is, so is ook ons in hierdie wêreld.

Vraag 249: Hoe troos die opstanding van Christus jou nog meer?

Antwoord: Ek het in die opstanding van Christus 'n sekere onderpand, dat ook my dooie liggaam eenmaal opgewek sal word deur die mag van Christus.

Romeine 8:11: Indien die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het dan in julle woon, sal Dieselfde Een wat Christus uit die dode opgewek het, julle sterflike liggame lewend maak ter wille daarvan dat sy Gees in julle woon.

Van die hemelvaart van ons Here Christus

Vraag 250: Hoe het God deur die hemelvaart van Christus SY WET WEER OPGERIG?

Antwoord: Die einddoel van die Wet is God se heerlijkheid en ons heerlijkheid in God. Soos die Seun in ons plek die Vader verheerlik het deur sy werk wat Hy Hom hier op aarde gegee het om te doen, so het ook die Vader die Seun verheerlik deur sy lyding, sterwe en opstanding en daardeur dat Hy Hom tot Hom geneem het en ons in Hom.

Hebreërs 2:9 en 10: Maar ons sien Hom, wat 'n klein tydjie minder as die engele gemaak is, naamlik Jesus, deur die lyding van sy dood gekroon met lof en eer, sodat Hy deur die genade van God vir almal die dood sou smaak; want dit het Hom gepas, ter wille van wie alle dinge is en deur wie alle dinge is, as Hy vele kinders na die heerlijkheid wou bring, dat Hy die bewerker van hulle saligheid deur lyding volkome sou maak.

Johannes 17:4 en 5: Ek het U verheerlik op die aarde en die werk voleindig wat U My gegee het om te doen. En verheerlik U My nou, o Vader! by Uself, met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

Vraag 251: En hoe is DIE SONDE DAARDEUR UIT DIE MIDDE VERWYDER?

Antwoord: Hy het opgevaar in die hoogte en het gawes ontvang om uit te deel onder die mensekinders. Efesiërs 4:8.

Vraag 252: Watter gawes?

Antwoord: Apostels, profete, evangeliste, herders en leraars, en allerlei ordeninge tot opbou van sy gemeente, sodat elkeen in sy kring leer om alles deur die geloof te doen. Efesiërs 4:11.

Vraag 253: En hoe het God deur Christus se hemelvaart ons WEER IN GERECHTIGHEID VOOR HOM GESTEL?

Antwoord: Aangesien alles aan die ydelheid onderworpe is, was hier op aarde geen vrug van die heiligheid meer te vinde nie; nogtans moes die mens so 'n vrug voortbring; dit kon egter slegs van die hemel afdaal. Daarom het Christus na die hemel opgevaar en ons in en met Hom

daarheen geneem, sodat ons, hoewel hier benede in die vlees, in Hom geseën sou wees met alle goedere van die hemel.

Romeine 8:20: Aangesien die skepsel aan die ydelheid onderworpe is sonder sy wil, maar ter wille van hom wat hulle onderwerp het op hoop.

Efesiërs 1:3: Geseënd sy God en die Vader van ons Here Jesus Christus, wat ons deur Christus geseën het met allerlei geestelike seëninge in hemelse goedere.

Van die besitneming van die koninkryk deur ons Here

Vraag 254: Wat wil jy daarmee sê, dat Christus die koninkryk in besit geneem het?

Antwoord: Dat, omdat Hy, die Seun, as 'n getroue kneg in ons plek die wil van sy God gedoen het, die Vader Hom alle mag gegee het in die hemel en op aarde, Hom dus alles laat erf het. Matt. 28:18.

Vraag 255: Watter mag het Christus dus in die hemel?

Antwoord: Hy beskik oor alles wat die Vader s'n is, sodat ook diegene wat die getuienis van Christus gehoorsaam is, alles erf in sy heerskappy.

Vraag 256: En wat is die Vader s'n?

Antwoord: Genade, blydskap, vrede en geregtigheid in die Heilige Gees.

Vraag 257: Watter mag het Christus op aarde?

Antwoord: Mag oor alle koninkryke, trone, heerskappye en al die sigbare, sodat dit alles meegewerk het tot die belydenis: Alle vlees is gras, en God alleen 'n God van alle saligheid.

Kolossense 1:16: Want deur Hom is alles geskape wat in die hemel en op aarde is, sowel wat sigbaar as wat onsigbaar is, die trone en heerskappye en vorstedomme en owerhede; dit is alles deur Hom en vir Hom geskape.

Efesiërs 1:20-22: (Volgens die werking van sy magtige sterkte) wat Hy gewerk het in Christus, toe Hy Hom uit die dode het opgewek en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemel oor alle vorstedomme, geweld, mag, heerskappy en alles wat moontlik genoem kan word, nie slegs in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige; en Hy het alle dinge onder sy voete gestel en Hom aangestel as die Hoof van die gemeente oor alles.

Vraag 258: Hoe regeer Christus in die hemel?

Antwoord: As die Gekruisigde in Wie se bloed vergewing is van alle sondes, en as Hoof, Verteenwoordiger en Bestuurder van sy gemeente, om hulle aan die hand van die Heilige Gees deur handhawing van die Woord van die geloof en van die geregtigheid by die verworwe verlossing te bewaar. Op. 1.

Vraag 259: Hoe regeer Christus op aarde?

Antwoord: As die verheerlikte Here en Heiland, om tot niet te maak alles wat hom teen sy Woord verset en om ons teen die duiwel se mag en lis te beskerm, ons ook deur alle nood en dood heen te help, en ons tot eer te bring, in soverre ons ons aan sy Woord vasklem; ook stuur Hy immers sy heilige engele uit om hulle wat die saligheid sal beërf te dien.

2 Tessalonisense 2:8: En dan sal die ongeregtige geopenbaar word, wat die Here dood sal maak met die Gees van sy mond, en wat syne [die wat aan die ongeregtige behoort - A.H.B.] tot niet sal maak deur die verskyning van sy toekoms.

Romeine 16:20: Maar die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete vertrap.

2 Timoteus 4:18: Maar die Here sal my verlos van alle kwaad en my help tot in sy hemelse koninkryk; syne is die eer in alle ewigheid. Amen.

Hebreërs 1:14: Is hulle (die engele) nie almal dienende geeste, uitgestuur tot diens ter wille van hulle wat die saligheid moet beërf nie?

Vraag 260: Met watter woorde leer die Skrif ons dat Christus die koninkryk in besit geneem het?

Antwoord: Dat Hy gaan sit het aan die regterhand van die Majesteit in die hemele.

Vraag 261: Hoe moet jy dit verstaan?

Antwoord: Dat in Hom, Christus Jesus, die Mens in ons plek, die volheid van die ganse Godheid in die hemele is, om sy Kerk wat versier is met sy oorwinning mee te vervul en alle teenstand mee te vernietig.

Kolossense 2:9: Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.

Psalm 110:3: Na u oorwinning sal u volk u gewillig heilige juwele offer. u kinders sal vir u gebaar word soos die dou uit die oggendgloed.

Vraag 262: Hoe het God nou, deurdat Christus aan die Regterhand van God gaan sit het, SY WET OPPERIG?

Antwoord: Die Wet wil dat ons met ons God heers en oor hemel en aarde beskik. Ons het hierdie Wet verag en ons onder die heerskappy van die duiwel begeef. Christus het weer vir Hom hierdie beskikking verwerf, as die mens in ons plek, sodat ons met Hom hierdie heerskappy weer deelagtig sou wees.

Hebreërs 2:8: Alles het U onder sy voete onderwerp. Want daarin, dat Hy alle dinge aan Hom onderwerp het, het Hy niks uitgelaat wat nie aan Hom onderworpe is nie; dog nou sien ons nog nie dat alle dinge aan Hom onderworpe is nie.

Openbaring 20:6: Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor sulkes het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees, en duisend jaar met Hom heers.

Vraag 263: En hoe is daardeur DIE SONDE WEER UIT DIE MIDDE VERWYDER?

Antwoord: Dit is juis die sonde, dat ons die heerskappy waarin God ons gestel het, prysgegee het. Omdat God egter sy Christus verhoog het tot hierdie heerskappy, bewaar Hy ons ook daarin dat hierdie afstanddoening nie meer plaasvind nie.

Vraag 264: En hoe het God deur Christus se sit aan die regterhand van God DIE MENS WEER IN GERECHTIGHEID VOOR HOM GESTEL?

Antwoord: Daardeur dat God die regering oor mense aan Christus oorgegee het, en sy regering is 'n regering van kwytskelding van sondes en gerechtigheid.

Handelinge 17:31: Omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die hele aarde en elkeen wat die geloof behou het, sal oordeel met gerechtigheid deur 'n Man in Wie Hy dit besluit het, nadat Hy Hom uit die dood opgewek het.

Vraag 265: Hoe regeer Christus?

Antwoord: Met gerechtigheid en trou, tot troos en tot hulp van alle ellendiges en bedruktes, en daarenteen tot straf van alle antichriste.

Vraag 266: Waardeur regeer Hy?

Antwoord: Deur sy Woord en Gees.

Vraag 267: Hoe lank?

Antwoord: Tot aan die einde van wêreld; want so lank wil Hy met ons wees. Matt. 28:20.

Vraag 268: Wie is die laaste vyand wat Hy sal vernietig?

Antwoord: Die dood. 1 Kor. 15:26.

Vraag 269: En wat sal dan intree?

Antwoord: Die einde, wanneer Hy alle heerskappy, mag en krag tot niet sal maak, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader sal oorgee, sodat God alles in almal sal wees. 1 Kor. 15:24.

Vraag 270: Watter name dra die Here in die Skrif?

Antwoord: Vele en menigvuldige name, wat nog meer lieflik en vertroostend is omdat hulle slegs uitdruk wat Hy werklik vir ons is. Hy weet ook, na gelang van ons omstandighede, nood en behoeftes, om hierdie name van Hom te handhaaf (sien die alfabetiese lys Name aan die einde).

Vraag 271: Gee nou vir my die samevatting van die ganse raad van God in Christus?

Antwoord:

Ten eerste: aan die Wet is genoeggedoen deur die dood van die Seun van God, en daardeur het die duiwel sy reg op ons verloor.

Ten tweede: ons is in die opstanding van Christus, deur die Gees van God in Christus met die Wet in ooreenstemming gebring, derhalwe is ons verlos van die heerskappy van die sonde en het diensknegte van God geword.

En ten derde: as onderpand dat God in Christus dit alles vir ons gedoen het, word aan ons die belofte van sy Gees gegee, deur Wie ons ook verseker word van die vervulling van alle beloftes van God tot saligheid vir hierdie en vir die toekomstige lewe.

Vraag 272: En hoe heet die openbaring van hierdie raad van God in Christus Jesus?

Antwoord: Die evangelie van die volsalige God.

Vraag 273: Wat is dus die evangelie?

Antwoord: 'n Blye boodskap van die genade vir my, wat voel dat ek mens is. 'n Volheid van beloftes van God, wat Ja en Amen is in Christus Jesus ons Here. 2 Kor. 1:20.

Vraag 274: Noem my hierdie beloftes in 'n Skrifwoord?

Antwoord: So spreek God: "Ek sal rein water op julle sprinkel, dat julle rein kan word; van al jul onreinigheid en van al jul afgode sal Ek jul reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe Gees in julle gee en sal die hart van klip uit julle wegneem en julle 'n hart van vlees gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle in my gebooie sou gewandel en my regte gehou en daarna opgetree het." Eseg. 36:25-27 (na die Hebreeus). En: "My kneg Dawid sal ewig hulle vors wees." Eseg. 37:25.

Derde gedeelte: Dat God sy beloftes ook aan my vervul

Vraag 275: Waaruit weet jy dat God sulke beloftes aan jou vervul?

Antwoord: Uit die Heilige Skrif en uit die ervaring.

Vraag 276: Hoe weet jy dit uit die Heilige Skrif?

Antwoord: Ek lees in die Heilige Skrif die name van diegene vir wie sy beloftes geld.

Vraag 277: En wat is hulle name?

Antwoord: Mens, sondaar; en juis dit is ook my naam.

Vraag 278: Waar word jou naam dan uitgespel?

Antwoord: Ten eerste staan geskryf: "Julle nou, julle skape, julle skape van my weiveld, julle is mense, maar Ek is julle God!" Voorts: "dit is 'n betroubare woord en werd om aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars salig te maak, onder wie ek 'n vernaamste is". Eseg. 34:31; 1 Tim. 1:15 (na die Hebreeus en Grieks).

Vraag 279: En hoe weet jy dit uit die ervaring?

Antwoord: Daaraan, dat God in alle bekommernisse sy Woord teenoor my heeltemal getrou vervul, dat Hy die ellendiges heerlik help, en my deur sy beloftes rus gee.

Vraag 280: Watter rus?

Antwoord: Dat ek Hom ken as my God, wat my sondes genadig is en maak dat ek ooreenkomstig sy Wet is.

Vraag 281: Waaraan ken jy die Here as sodanig?

Antwoord: Daaraan dat Hy sy Woord by my vervul: "Terwyl Ek my Wet in hulle binneste gee, wil Ek dit op hulle hart skryf, en hulle sondes en hulle wetsoortredings wil Ek geensins meer gedenk nie." Jer. 31:33 en 34; Heb. 8:10 en 12.

Vraag 282: Kan jy dan sonder sulke kennis van God geen rus hê nie?

Antwoord: Nee, ek kan onmoontlik rus hê sonder 'n goeie gewete voor God, en dit kan alleen by my wees wanneer ek weet dat ek in ooreenstemming is met die Wet van God. Die sonde daarenteen bewerkstellig treurigheid en onrus. Heb. 10:22; Gen. 10:6.

Vraag 283: Is 'n goeie gewete voor God volstrek nodig?

Antwoord: Ja, want hoe sou ek vrede met God hê wanneer iets onregverdigs 'n skeiding tussen my en God sou maak?

Vraag 284: Deur wie het jy vrede met God?

Antwoord: Deur Jesus Christus, ons Here. Rom. 5:1.

Vraag 285: Wanneer het jy vrede met God?

Antwoord: Wanneer ek glo dat ek voor God regverdig of in ooreenstemming met sy Wet is.

Vraag 286: Hoe is jy regverdig voor God?

Antwoord: Ooreenkomstig die Woord: "Sy skepping is ons, geskape in Christus Jesus op² goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin sou gewandel het." Ef. 2:10 (na die Grieks).

Vraag 287: Wat beteken "regverdig wees voor God," of "in ooreenstemming wees met sy Wet"?

Antwoord: Ons in die toestand bevind dat die Wet nie teen ons is nie. 1 Tim. 1:9; Gal. 5:23.

Vraag 288: Wanneer is die Wet nie teen ons nie?

Antwoord: Wanneer die vrug van die Gees by ons is. Gal. 5:18.

Vraag 289: Wat is die vrug van die Gees?

Antwoord: "Liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, geloof, sagmoedigheid, matigheid." Gal. 5:22 (na die Grieks).

Vraag 290: Waarom heet dit vrug van die Gees?

Antwoord: Omdat dit aanwesig is wanneer ons deur die Gees wandel. Gal. 5:16 en 25.

Vraag 291: Wat is "wandel deur die Gees"?

Antwoord: Jouself verloën en die wil van God doen sonder inagneming van al die sigbare.

Vraag 292: Wat is die hoofsaak van die wil van God?

Antwoord: Dat ons glo. 1 Joh. 3:23: "En dit is sy gebod: dat ons glo in die Naam van sy Seun Jesus Christus, en mekaar liefhet, soos Hy ons 'n gebod gegee het."

Vraag 293: Wat is geloof?

Antwoord: Dat ek my onvoorwaardelik onderwerp aan die mag van die Woord - kom ek om, dan kom ek om! Soos geskryf staan: "Abraham het in die Here geglo en Hy het hom dit tot geregtigheid toegereken." Est. 4:16; Gen. 15:6; Rom. 4:3.

² "auf"

Vraag 294: Wat is dus die hoofsaak van die geloof?

Antwoord: Om jou onvoorwaardelik aan die genade oor te gee.

Vraag 295: Waarom sê jy "onvoorwaardelik"?

Antwoord: Omdat ek nie daarby werke in ag mag neem nie, asof ek daarmee eers vir my sonde sou moes boet of dit goedmaak of uit die weg ruim.

Vraag 296: Wat is dus "genade"?

Antwoord: Die toegeneëtheid van God tot die goddelose, waarvolgens Hy hom alleen op grond van sy ewige liefde in Christus Jesus by Hom opneem, en hom vir tyd en ewigheid voorsien van alles wat in sy oë reg en goed is.

Vraag 297: Waar staan dit geskryf?

Antwoord: So skryf die apostel Paulus: "Want die heilbringende genade van God het aan alle mense verskyn om ons te leer dat ons met verloëning van die goddeloosheid en die wêreldse begeerlikhede, beskeie en regverdig en godsalig moet leef in hierdie teenwoordige wêreld, terwyl ons die salige hoop en verskyning van heerlikheid van ons groot God en Saligmaker Jesus Christus verwag, wat Homself vir ons gegee het, sodat Hy ons kon verlos het van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n uitverkore volk kon gereinig het wat ywerig goeie werke doen." Tit. 2:11-14 (na die Grieks).

Vraag 298: Word alle mense hierdie genade deelagtig?

Antwoord: Nee, slegs diegene wat hul van harte onderwerp aan die ewige voorneme waarvolgens God vir Hom tot saligheid verkies.

Vraag 299: Hoe lui die voorneme van God?

Antwoord: "Die grotere sal die kleinere dien;" en: "Genadig sal Ek wees teenoor elkeen teenoor wie Ek genadig is." Gen. 25:23; Rom. 9:12; Eks. 33:19; Rom. 9:15.

Vraag 300: Wat beteken "Die grotere sal die kleinere dien"?

Antwoord: Dat, net soos God wat die Allergrootste is volgens sodanige Wet regeer en die geringste van sy skepsels getrou volg, help en dien, ons ons ook so van harte volgens hierdie Wet

behoort te gedra, om die swakke en ongeagte te dien in die liefde van Christus, by alle erkenning dat ons heil en ons saligheid enkel en alleen van God afhang.

Vraag 301: Wat beteken "Genadig sal Ek wees teenoor elkeen teenoor wie Ek genadig is"?

Antwoord: Ek wil met my genade onafhanklik bly, sodat wanneer 'n mens genade wil, hy ook moet erken dat dit *genade* is. Laat hy dus nie kom met die aanmatiging dat Ek hom iets skuldig sou wees nie, of met werk, asof hy My daarvoor kan vergoed nie.

Vraag 302: Hoe heet diegene wat hulle aan hierdie voorneme onderwerp in die Skrif?

Antwoord: Uitverkorenes van God.

Vraag 303: Wie verkies God vir Hom?

Antwoord: Soos geskryf staan: "Wat dwaas is vir die wêreld, wat swak is vir die wêreld, wat onedel is vir die wêreld, wat verag is en wat niks is nie." 1 Kor. 1:27 en 28.

Vraag 304: Kan al die ander dan nie salig word nie?

Antwoord: Volstrek nie; maar wat vir die wêreld wys, sterk en edel is, wat in die algemeen iets is, word daartoe bestem dat hy sal val as hy hierdie roem nie wil aflê en erken dat sy saligheid nie afhang van sy wil nie, maar alleen van God se vrye mag.

Vraag 305: Hoe kan iemand weet of hy uitverkies is?

Antwoord: Slegs daaraan, dat die evangelie na hom gekom het, nie alleen in woord nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees, en in volle sekerheid, sodat hy hom van harte tot God bekeer het. 1 Tess. 1:4 en 5.

Vraag 306: Wat beteken "hom bekeer"?

Antwoord: Hom tot God keer met erkenning van sy sonde, en hom heeltemal oorgee aan die Woord van genade en kwytskelding van sonde, met volkome voorneme van die hart om by die genade te volhard.

Vraag 307: Wat vind 'n mens by diegene wat hulle tot God bekeer?

Antwoord: Droefheid na God en 'n hartelike verlange na dit wat geregtigheid voor God is. 2 Kor 7:10; Jak. 4:9; Matt. 5:6.

Vraag 308: Waarvan moet 'n mens hom bekeer?

Antwoord: Van alle aanmatiging teenoor God, asof 'n mens iets is of iets werd is, en in die algemeen van alle ongeregtigheid, want soos geskryf staan: "God weerstaan die hovaardige, maar aan die nederige gee Hy genade;" en: "Weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërf nie?" "Dwaal nie; nóg hoereerders, nóg afgodediens, nóg egbrekers, nóg die wat selfbevlekking bedrywe, nóg die wat by manne lê, nóg diewe, nóg gierigaards, nóg dronkaards, nóg lasteraars, nóg rowers sal die koninkryk van God beërf." 1 Pet. 5:5; 1 Kor. 6:9 en 10 (na die Grieks).

Vraag 309: Maak die bekering dan rein van ongeregtigheid?

Antwoord: Nee; hy wat hom egter tot God wend om genade, en ten spyte van al die teenstrydighede hom aan hierdie genade vasklem, ervaar die waarheid van die Woord: "Julle is afgewas, julle is geheilig, julle is regverdig gemaak in die Naam van die Here Jesus en in die Gees van ons God." 1 Kor. 6:11.

Vraag 310: Wat is die vrugte van die bekering?

Antwoord: Hartlike ootmoed voor God, of erkenning dat 'n mens niks is nie; opregte hoogagting vir alle gebooe van God en 'n hart wat tot hierdie gebooe geneig is; ongeveinsde geloof aan God se genade en ontferming in Christus Jesus, en ongehuigelde oorgawe van jouself vir die heil van die naaste.

Vraag 311: Wie bewerkstellig die bekering?

Antwoord: Die Here, deurdat Hy die hart open dat 'n mens ag slaan op sy Woord. Hand. 16:14.

Vraag 312: Hoe kan iemand weet of hy bekeer is?

Antwoord: 'n Mens moet nie oor homself vra wat hy is of nie is nie, maar moet hom voortdurend bekeer van alle verkeerdheid, en alleen vra na God, wat in mense 'n welbehag het.

Vraag 313: Hoe word die toestand waarvan 'n mens hom te bekeer het ook anders in die Skrif genoem en daarin voorgestel as iets wat 'n mens afgelê het?

Antwoord: Die ou mens. Efesiërs 4:22: "Dat julle van julle afgelê het, aangaande die vorige lewenswyse, die ou mens, wat verdorwe word deur die begeerlikhede van verleiding."

Kolossense 3:9b: [Omdat - A.H.B.] julle die ou mens met sy werke uitgetrek het (na die Grieks).

Vraag 314: Hoe verstaan jy wat die Skrif sê, naamlik dat ons die ou mens uitgetrek en die nuwe mens aangetrek het?

Antwoord: Dat ons die vyandige gesindheid teen God se genade, weë en werke uitgetrek het, uit welke gesindheid alle werke van die vlees voortkom; dat ons daarenteen Christus met al sy weldade in die geloof aangeneem het.

Vraag 315: Hoe gedra diegene wat in Christus glo hulle met betrekking tot hierdie waarheid?

Antwoord: Hy beskou dit so dat hy die ou mens uitgetrek en die nuwe mens aangetrek het.

Vraag 316: Wanneer het dit eintlik plaasgevind?

Antwoord: In die kruisiging en opstanding van Christus waarin Hy alles aan God teruggebring het, alles herstel het wat deur ons skuld bedorwe was nadat ons van God afvallig geword het.

Vraag 317: Wanneer word 'n mens die vrug van hierdie werk deelagtig?

Antwoord: Ofskoon die heil van Christus vir ons beskikbaar is, kom daar nogtans in ons lewe 'n sekere tydstip waarop ons deur die Gees van die geloof in hierdie heil oorgeplaas word en van die dood in die lewe oorgaan. Dit is die volledige omsetting van 'n mens wat hom tevrede maak met die geregtigheid wat voor God geld, 'n omsetting wat ook *wedergeboorte* heet.

Romeine 13:11: En omdat ons dit weet, naamlik die tyd, dat die uur daar is om op te staan uit die slaap, aangesien ons heil tans nader is as toe ons begin glo het.

Kolossense 1:6: (Die woord van die waarheid in die evangelie) wat na julle gekom het, soos ook na die hele wêreld, is vrugbaar, soos ook in julle, van die dag af dat julle dit gehoor het, en die genade van God in waarheid erken het.

Efesiërs 5:8: Want julle was voorheen duisternis, maar nou is julle 'n lig in die Here.

Efesiërs 2:13: Maar nou dat julle in Christus Jesus is, en [terwyl -A.H.B.] julle voorheen ver was, nou het julle naby gekom deur die bloed van Christus.

Vraag 318: Wie bewerkstellig hierdie wedergeboorte?

Antwoord: God, deur mededeling van die Gees van Christus.

1 Petrus 1:3: Geloof is God en die Vader van ons Here Jesus Christus, wat ons na sy groot barmhartigheid wederbaar het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode.

Efesiërs 1:13: Deur Wie (Christus) ook julle die woord van die waarheid, naamlik die evangelie van julle saligheid, gehoor het; deur wie julle ook, nadat julle geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte.

Vraag 319: Wat is die middel wat God daarvoor gebruik?

Antwoord: Die Woord van sy genade, wat ek mag glo juis wanneer ek geen grond meer onder my voete vind nie, ook geen lewe meer in eie hand het nie, en die hemel bo vir my gesluit is, soos geskryf staan: "Julle is verniet verkoop, julle sal ook verniet verlos word." Jes. 52:3.

Vraag 320: Wat is die kenmerk van jou wedergeboorte?

Antwoord: Dat ek my God vrees, my naaste eer en liefhet, en dat ek my nie met my wedergeboorte troos nie, maar met die ewige trou en ontferming van God.

Vraag 321: Wat is die Gees van Christus?

Antwoord: *Die Heilige Gees*, wat Christus vir ons verwerf het, wat die Vader Hom ook beloof het, nadat Hy die werk van God wat Hy gekom het om op aarde te doen sou volbring het.

Johannes 15:26: Maar wanneer die Trooster gekom het wat Ek julle sal stuur van die Vader, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.

Handelinge 1:4: En toe Hy hulle byeengebring het, het Hy hulle beveel dat hulle nie van Jerusalem moes weggaan nie, maar moes wag op die belofte van die Vader, wat julle, (so het Hy gesê), van my gehoor het.

Vraag 322: Wat beteken dit dat Christus vir ons die Heilige Gees verwerf het?

Antwoord: God kon, aangesien Hy Gees is, Hom met ons, aangesien ons vlees is, nie inlaat nie; weens ons verdraaidheid moes sy toorn op ons rus. Toe Christus dit egter op Hom geneem het om 'n ewige geregtigheid aan te bring, en ons in Hom in hierdie geregtigheid op te neem, toe het die hele welbehoeve van God op Christus gerus, en die Heilige Gees het op Hom gekom om die werk van God vir ons te volbring; so het Hy dit verwerf, uit die volheid van die liefde van die Vader, om hierdie Gees op ons neer te stuur.

Johannes 1:32: En Johannes het getuig en gesê: Ek het gesien dat die Gees soos 'n duif uit die hemel neerdaal en op Hom bly.

Jesaja 61:1: Die Gees van die Here Here is op My, daarom het die Here My gesalf. Hy het My gestuur om aan die ellendiges te preek, om die verbroke harte te verbind, om aan die gevangenes vrymaking te predik, aan die gebondenenes opening.

Johannes 15:26.

Vraag 323: Waarom heet Hy "Gees"?

Antwoord: Omdat Hy ons ingeblaas word as verenigingsband tussen God, wat gees is, en ons, wat vlees is.

Johannes 20:22: En toe Hy dit gesê het, het Hy op hulle geblaas en vir hulle gesê: Ontvang die Heilige Gees.

Vraag 324: Waarom heet Hy "Heilige Gees"?

Antwoord: Omdat Hy teen alle vlees die heerlikheid by ons handhaaf wat ons Here Jesus Christus van die Vader op ons gelê het.

Vraag 325: Is die Heilige Gees 'n eienskap van God? 'n Mag van God? Of het Hy 'n persoonlike bestaan, wat onderskeie is van die Vader en die Seun s'n?

Antwoord: Die Heilige Gees het 'n persoonlike bestaan, onderskeie van die Vader en die Seun. Die Heilige Gees is God. So het ons Here Jesus Christus gespreek: "Ek sal die Vader bid en Hy sal julle 'n ander Trooster gee, sodat Hy ewig by julle bly. Julle ken Hom, want Hy bly by julle en sal in julle wees." "Die Trooster, die Heilige Gees, wat my Vader sal stuur in my Naam, Hy sal julle alles leer." Joh. 14:16, 17 en 26. Vgl. Jes. 6 met Joh. 12:41: "Dit sê Jesaja, toe hy sy heerlikheid aanskou het en van Hom gespreek het." En Hand. 28:25 en 26: "Aangesien hulle egter onder mekaar verdeeld was, het hulle weggegaan toe Paulus gesê het dat die Heilige Gees sekerlik tot ons vaders gespreek het deur Jesaja, die profeet, en gesê het: 'Gaan heen tot hierdie volk en spreek: met die ore sal julle dit hoor en nie verstaan nie; en met die oë sal julle dit sien en nie herken nie.'"

1 Korintiërs 2:10-12: Dog God het dit aan ons geopenbaar deur sy Gees. Want die Gees ondersoek alle dinge, ook die diepste van die Godheid. Want watter mens weet wat in die mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook weet niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. Dog

ons het nie die Gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees uit God, sodat ons kan weet wat aan ons gegee is deur God.

1 Korintiërs 12:4 en 11: Daar is velerlei gawes, dog dit is een Gees. Dieselfde Gees bewerkstellig egter dit alles en deel aan elkeen syne toe, soos wat Hy wil.

Galasiërs 4:6: Omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, wat roep: Abba, liewe Vader!

Romeine 8:26 en 27: Net so ook hef die Gees ons swakheid op. Want ons weet nie wat ons moet bid soos dit hoort nie, maar die Gees verteenwoordig ons die beste met onuitspreeklike sugtinge. En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy staan in vir die heiliges volgens wat God behaag.

Romeine 8:16: Dieselfde Gees gee getuienis aan ons gees dat ons kinders van God is.

1 Korintiërs 12:3: Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus vervloek nie; en niemand kan Jesus 'Here' noem nie, behalwe deur die Heilige Gees.

Efesiërs 4:30: En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, sodat julle verseël is tot die dag van die verlossing.

Handelinge 5:3 en 4: Maar Petrus het gesê: Ananias, waarom het die Satan jou hart vervul, dat jy vir die Heilige Gees sou lieg en sou steel van die geld van die akker? Jy sou hom kon gehou het aangesien jy hom gehad het; en toe hy verkoop was, was dit ook in jou mag. Waarom het jy dit dan in jou hart voorgeneem? Jy het nie vir mense nie, maar vir God gelieg.

Openbaring 1:4: Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is, en wat was, en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is.

Genesis 1:2: En die aarde was woest en leeg, en daar was duisternis in die diepte; en die Gees van God het gesweef op die water.

Vraag 326: Waarvoor stuur Christus die Heilige Gees?

Antwoord: Vir die wêreld en vir sy gemeente.

Vraag 327: Waarvoor vir die wêreld?

Antwoord: Om die wêreld te oortuig dat al sy godsdiens 'n ydele saak is en dat dit die sonde vergeefs dien; dan, dat die wêreld weet wat geregtigheid is, sodat dit homself weens sy ongeregtigheid veroordeel; ten derde: sodat die wêreld self erken dat dit niks daarby baat om die duiwel te dien nie; ten vierde: om uit die wêreld sommige vir sy gemeente te versamel.

Johannes 16:8-11: En as dié Een (die Trooster) kom, sal Hy die wêreld veroordeel weens die sonde en weens die geregtigheid en weens die oordeel. Weens die sonde, omdat hulle in My nie glo nie; ter wille van geregtigheid egter, omdat Ek na my Vader gaan en julle my voortaan nie sal sien nie; ter wille van oordeel, omdat die vors van hierdie wêreld geoordeel is.

Vraag 328: Wie word hier "wêreld" genoem?

Antwoord: Almal wat nie God bo alles liefhet en die naaste soos hulself nie.

Vraag 329: Waarvoor stuur God sy Gees vir sy gemeente?

Antwoord: Om in die gemeente die Vader en die Seun te openbaar deur die Woord, om daarin te regeer met sy genade, hulle te troos met sy gemeenskap en as pleitbesorger by hulle te bly met sy waarheid tot aan die einde van die wêreld; eindelijk om hulle te bewaar van die wêreld en van elke afval.

Efesiërs 1:17: Dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, julle die Gees van wysheid en van openbaring gee, ter erkenning van Homself.

Galasiërs 4:6: Omdat julle dan kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, wat roep: Abba, liewe Vader!

Johannes 16:14: Dié sal My verklaar, want Hy sal dit uit Myne neem, en aan julle verkondig.

Vraag 330: Wat is die gemeente of die Kerk van Christus?

Antwoord: Sy liggaam, al diegene wat salig word en oorwinnaars is deur die bloed van die Lam. Ef. 1:23; Op. 12:11.

Vraag 331: Waar is die Kerk van Christus te vind?

Antwoord: Orals in die wêreld waar mense saamkom in die Naam van Christus, al is daar ook net twee of drie.

Matteus 18:20: Want waar twee of drie vergader is in my Naam, daar is Ek in hulle midde (na die Grieks).

Vraag 332: Waardeur openbaar die Heilige Gees in hierdie Kerk die Vader en die Seun?

Antwoord: Deur die hoor *van die Woord*.

Vraag 333: Hoe staan sake egter daar waar die Woord van God nie gepreek word nie?

Antwoord: In so 'n geval bind die Heilige Gees Hom nie, en weet wel om iemand te leer, sonder dat 'n mens die onderrig deur ander nodig het. Waar 'n mens egter die prediking van die waarheid het en dit verag, daar verag 'n mens die Gees van genade.

Vraag 334: Wat bewerkstellig die prediking van die waarheid?

Antwoord: Dit maak 'n mens tot 'n arm sondaar en preek 'n God wat ryk is aan genade; dit verneder die mens ten diepste en verhoog die Here ten hoogste; dit werp alle geregtigheid van die vlees omver en verkondig die geregtigheid van God; dit handhaaf die Wet, soos dit geestelik verstaan behoort te word en hou Christus die gekruisigde voor.

Vraag 335: Wat bewerk die Heilige Gees deur so 'n prediking?

Antwoord: 'n Beangste gees en 'n beangste en verpletterde hart; 'n erkenning van elke sonde; 'n waaragtige honger en dors na geregtigheid; 'n sekerheid van volkome vergewing van sonde; troos, vrede en blydschap in God en 'n versekering van ewige saligheid.

Vraag 336: Waar het die prediking geen vrug nie?

Antwoord: Waar 'n mens sy oë laat verblind deur die god van hierdie wêreld, die duiwel, om homself te handhaaf in eieliefde, aanmatiging en gierigheid want *daar is geen geloof nie*.

2 Korintiërs 4:3 en 4: As ons Evangelie nou bedek is, dan is dit bedek in diegene wat verlore gaan, by wie die god van hierdie wêreld die ongelowiges se sinne verblind het dat hulle nie die helder lig van die evangelie van die helderheid van Christus, wat die beeld van God is, sien nie.

Vraag 337: Waarmee verseker die Heilige Gees ons nog in besonder van Christus en van al sy weldade?

Antwoord: Deur die *doop* en deur die *nagmaal*.

Vraag 338: Wie het die *doop* beveel?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus toe Hy gesê het: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde; gaan daarom heen, en maak alle volke tot dissipels, deur hulle te doop op³ die Naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees." Matt. 28:18-20 (na die Grieks).

Vraag 339: Wat beteken dit "om gedoop te wees op die Naam van die Vader"?

Antwoord: Dat, net soos 'n kind die naam van sy vader dra, die God en Vader van ons Here Jesus Christus my, wat anders 'n kind van die dood en van die hel was, sy Naam gegee het, sodat ek kind van my hemelse Vader heet, en dat Hy my verkies het om sy ryk en genadevolle Naam wat my in alles versorg te verkondig.

Vraag 340: Wat beteken dit "om gedoop te wees op die Naam van die Seun"?

Antwoord: Dat die ewige Seun van die ewige Vader Hom nie geskaam het om my, arme, sy broeder te noem nie, sodat ek in Hom 'n ryk Broeder het wat my met al my nood en sondes vir sy rekening geneem het, om my as sy duur verworwe eiendom te behoed en te bewaar; en dat ek voortdurend my toevlug tot sy genade kan neem, aangesien Hy met sy Naam by my wil wees tot aan die einde van die wêreld.

Vraag 341: Wat beteken dit "om gedoop te wees op die Naam van die Heilige Gees"?

Antwoord: Dat ek, ofskoon ek leeg en vleeslik voel, nogtans daarvan seker mag wees dat die vrug van die Gees by my is en sal bly en dat ek onder die verseëling van die Gees van God opgeneem is tot volharding in die genade en tot die verlossing wat my toekom.

Vraag 342: Waarom heet dit: "op die *Naam* gedoop wees"?

Antwoord: Deur die doop is ek verseker dat ek nie meer alleen staan as 'n buit van die sonde, van die duiwel en van die dood nie, omdat ek opgeneem is in die volsalige en algenoegsame Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Hierdie hoogheerlike Naam, wat alleen alle redding in Hom bevat, wat alle heil skenk en alles wat tot die godsaligheid dien, is tog vir my. Hierdie Naam mag ek dra vir ewig en altyd, sodat die volsalige God my nie meer na my naam nie, maar na sy Naam wil noem, en ek ter wille van hierdie Naam sy heerlikheid vir ewig deelagtig bly, dat ek ook hier reeds alle volheid het.

³ "auf"

Vraag 343: Is dit die doop wat dit alles skenk?

Antwoord: Nee, maar ons Here het die doop beveel as 'n teken en seël dat ek, kragtens sy Woord, so waaragtig van die toekomstige toorn gered en met sy genade bedek en oorgiet is, as wat ek met die water van die doop besprinkel word - dat ek ook so waaragtig van my sondes gereinig en in die lewe uit God oorgegaan het, as wat die afwassing met water aan my voltrek word.

Vraag 344: Hoe word die doop ook anders beskryf?

Antwoord: 'n Doop in Christus Jesus, 'n doop in sy dood.

Romeine 6:3 en 4: Weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? So is ons met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons dus ook in 'n nuwe lewe moet wandel.

Vraag 345: Wat beteken dit?

Antwoord: Dat ek, gelykgestel aan sy dood, ook deel het aan sy opstanding; dat ek tans vasstaan as 'n onderdaan van my Here en Heiland, sodat ek nie na vlees wandel nie, maar na Gees. Fil. 3:10 en 11.

Vraag 346: Sê nog eenmaal: wat is "volgens vlees wandel" en wat is "volgens Gees wandel"?

Antwoord: "Volgens vlees wandel" is: volgens ons eie begrip van godsdiens en heiligheid lewe, waaruit al ons sondes voortkom; en "volgens Gees wandel" is: jou alleen aan die genade van Christus hou en in Hom aan die liefde van God, wat alle heiliging van die Gees in Hom bevat.

Vraag 347: Waaroor gee die doop dus aan 'n heilsbehoefte uitsluitel?

Antwoord: Dit gee hom antwoord op die lewensvraag van 'n goeie gewete voor God deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode. 1 Pet. 3: 21.

Vraag 348: Is dit ooreenkomstig die Woord en die Gees dat ons as klein kinders gedoop word?

Antwoord: Gewis.

Vraag 349: Het die eerste Christenouers ook die kinders in die gemeenskap van die Woord opgeneem?

Antwoord: Ja seker. So lui dit in Handeling 21:5: "En hulle het ons almal met vroue en kinders tot buite die stad gelei en aan die oewer neergekniel en gebid."

Vraag 350: Laat die kinderdoop hom uit die Heilige Skrif bewys?

Antwoord: Bevestigende, geskiedkundige getuienisse dat kinders gedoop is, vind ons nie in die Heilige Skrif nie; tog sê die kerkvader Origenes baie beslis dat die gemeente dit van die apostels ontvang het dat die doop ook aan jong kinders bedien moet word. So min as wat daar uit uitdruklike woorde van Skrif bewys kan word dat klein kinders *nie* gedoop moes word nie, so min ontbreek dit vir hom wat vir die waarheid ontvanklik is aan skriftuurlike bewyse dat die kinderdoop geoorloof en dus ook noodsaaklik is.

Vraag 351: Waaruit wil jy byvoorbeeld bewys dat die kinderdoop geoorloof is?

Antwoord: Christus het beveel: "Gaan heen in die hele wêreld, predik aan die ganse skepping;" en: "Gaan heen en onderrig alle volke, en doop hulle." Dat by die woorde "die ganse skepping" en "alle volke" die kinders uitgesluit sou wees, moet eers bewys word. Dit is duidelik dat die genade eers uit volwassenes 'n gemeente moes vorm, om vervolgens oor *almal* te heers, oor mondiges en onmondiges, oor volwassenes en pasgeborenes. Nadat 'n gemeente van gelowiges eers gevorm is, kon die apostel sê: "Julle kinders is heilig" en moet derhalwe ook aan hulle die genade verseël word. Mark. 16:15; Matt. 28:19; 1 Kor. 7:14.

Vraag 352: Is dit dan nie in stryd met "Wie glo en gedoop word, sal salig word" nie? Mark. 16:16.

Antwoord: In die woorde: "wie glo en gedoop word" lê allereers dat niemand hom op die doop as werk of seremonie tot saligheid mag verlaat nie. As die kinderdoop daarmee verbied sou wees, mag klein kinders volgens 2 Tess. 3:10 ook nie eet nie, omdat hulle nie werk soos die volwassenes nie. Daar staan nie dat die doop niks is wanneer 'n mens nie glo nie, maar dat die geloof niks is wanneer 'n mens nie gedoop is nie; want die Here het nie gesê "wie gedoop word en glo" nie, maar "wie glo en gedoop word". Het die Here gesê: "wie gedoop word en glo", sou 'n mens nog 'n skyn van reg hê om uit hierdie woorde af te lei dat die kinders nie gedoop mag word nie, omdat hulle geen geloofsbelydenis kan aflê nie; noudat dit egter lui: "wie glo en gedoop word," moet 'n mens dit so verstaan: dat 'n mens met jou geloof verdoem word wanneer jy jou nie laat doop het nie.

Vraag 353: En verder?

Antwoord: Wanneer niemand gedoop mag word indien hy nie tevore heeltemal seker was van sy geloof, na die maatstaf waarmee die mens die geloof meet en bepaal nie, dan sou beswaarlik iemand die doop ontvang het. Na die doop bestraf die Here nog sy eie dissipels vanweë hulle ongeloof. Ook lê die krag en die werking en die vrug van die doop nie in ons geloof nie, maar in die ewig blywende Woord van God. Onderwerp ons en ons kinders ons in hierdie opsig en in alles aan die Woord, dan doen die Woord altyd sy deel. Mark. 16:14; vgl. Mark. 11:22 en 23 en 8:17; Luk. 24:25; Op. 3:17; vgl. Gal. 3:3.

Vraag 354: Hoe spreek die Here Hom elders uit met betrekking tot die kinders?

Antwoord: So lui dit in Mark. 10:14-16 (na die Grieks): "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie; want juis vir sulkes is die koninkryk van God. Voorwaar sê Ek vir julle: Elkeen wat die koninkryk van God nie ontvang soos 'n kindjie nie, sal gewis nie ingaan nie. En Hy het hulle aan die hart gedruk, hulle die hande opgelê en hulle geseën." Matt. 19:14 en 15; Luk 18:15 en 16; vgl. Matt. 18:1-3.

Esegel 37:25 en 26: En hulle sal weer woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waarin julle vaders gewoon het. Hulle en hulle kinders en hulle kindskinders sal ewig daarin woon, en my kneg Dawid sal ewig hulle vors wees. En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit; dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle onderhou en hulle vermenigvuldig en my heiligdom sal vir ewig onder hulle wees.

Vraag 355: Maar is dit dan nie moontlik dat klein kinders glo en dus beskou kan word as volkome geregtig op die doop nie?

Antwoord: Ja, gewis. Johannes was reeds in die moedersliggaam vervul met die Heilige Gees, en Dawid sê: "U, Here, was my vertroude toe ek nog aan my moeder se borste was; van my moedersliggaam af is U my God;" en God sê aan Jeremia: "Ek het jou afgesonder voordat jy uit die moeder gebore is." Wie so uitsonder, sal dit ook wel vermag om 'n kiem van die geloof en van die ewige lewe in die hart te lê van 'n kind, wat by God gereken word as geloof, wat steeds magtiger is as menslike rede, bevattingsvermoë en verstandsontwikkeling. Luk. 1:15; Ps. 22:10 en 11; Ps. 71:6; Jer. 1:5.

Vraag 356: Wat moet 'n mens dink van hulle wat die kinderdoop verwerp?

Antwoord: Dat hulle herinner aan die Fariseërs in die tempel, aan wie die Here, toe hulle aanstoot geneem het aan die blye begroeting van Christus deur kinders, die volgende woorde wat ook vir die doop beslissend is gesê het: "Het julle nooit gelees nie: Uit die mond van suigeling en onmondiges het U vir U lof toeberei?" Matt. 21:16; Ps. 8:3.

Vraag 357: Moet ook die Jode gedoop word, wat met ons die Naam van ons Here Jesus Christus wil aanroep?

Antwoord: Ja, want die dissipels van die Here het sowel Jode as heidene gedoop. Ook het ons Here Christus Homself laat doop. Hand. 2:41 en 9:18.

Vraag 358: Wat is die heilige Nagmaal?

Antwoord: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is, die brood geneem, en toe Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word, doen dit tot my gedagtenis." Net so die drinkbeker na die nagmaal en gesê: "Hierdie drinkbeker is die nuwe Testament in my bloed; doen dit, so dikwels as wat julle daaruit drink, tot my gedagtenis."

1 Kor. 11:23-25.

Vraag 359: Wat was die Here se oogmerk by die instelling van die Nagmaal?

Antwoord: Om hierdie oogmerk te verstaan is dit veral nodig om in herinnering te bring dat die Here die Nagmaal ingestel by die viering van die Pasga.

Vraag 360: Wat was die onderwerp, die doel en die betekenis van hierdie Pasga-viering?

Antwoord: 'n Lam, wat geslag en geëet word, was die Pasga, dit is die verbygang van die Here. Deur die eet van die lam het die kinders van Israel in die innigste gemeenskap getree met dit [met die Lam - A.H.B.] wat hulle erken het as hulle hoof, as die leidsman en redder uit het dienshuis; soos hulle by die slag van die lam in die vergote bloed die heil gehad het dat die verderwer verbygaan. By die eet van die lam het hulle 'n beker wyn, 'n beker van lof en van danksegging vir die weldaad van Christus geneem, wat in al hierdie beelde afgeskadu was.

Vraag 361: Hou die Nagmaal dan verband met die viering van die Pasga?

Antwoord: Ja gewis, en wel die allernouste verband.

Vraag 362: Maar waarom het die Here by die uitdeling nie ook 'n stuk van die paaslam geneem, soos Hy Hom ook bedien het van die drinkbeker van die Pasga nie?

Antwoord: Die beeld van die paaslam wat Christus afgeskadu het moes terugtree toe dit, na Gees, in die wese oorgegaan het.

Vraag 363: Waarom het die Here egter brood geneem?

Antwoord: Hy het brood gekies as die mees passende beeld van dit wat Hy daarmee wou beteken⁴. Terwyl Hy die paaslam opsy gesit en die brood in die plek daarvan gestel het, het Hy Hom as die "Here" betoon, as die Een wat ook die Pasga ingestel het, as die groot en ewige Priester oor die Huis van God, wie se voorbeeld, Melgisedek, eweneens brood en wyn voorgesit het. Gen. 14:18.

Vraag 364: Maar wat was die Here se bedoeling met die uitdeling van die brood?

Antwoord: Die troue belyders van die Here moet by die eet van die brood in gedagte hou dat hulle volkome een is, sowel onder mekaar as met Hom wat in hierdie beeld sy liggaam aan hulle oorgee, sodat hulle in Hom, die Hoof en die Leidsman, die verlossing het uit die Egipte van die hel en van die dood, en in Hom as lede van sy liggaam saam in die hemelryk geplaas is.

Vraag 365: En wat was die bedoeling van die Here by die instelling van die drinkbeker?

Antwoord: Ons moet die drinkbeker van die Nagmaal aan ons lippe neem as 'n beker van danksegging vir die liefde van die Vader, wat sy eie Seun nie gespaar het nie, en vir die liefde van die Seun, wat sy bloed vir ons vergiet het en [die bloed - A.H.B.] wat ons in die wyn, soos in 'n beeld, in die geloof waaragtig geniet en gevolglik is ons ingesluit in alle seëninge van die nuwe Verbond en Testament, wat juis in hierdie bloed regsgeldig geword het.

Vraag 366: Hoe spreek die apostel Paulus hierdie bedoeling in kort woorde uit?

Antwoord: Hy sê dat ons die dood van die Here moet verkondig en roem, totdat Hy kom. 1 Kor. 11:26.

⁴ "bezeichnen"

Vraag 367: Wat beteken "sy dood verkondig"?

Antwoord: Sy groot liefde jeens ons roem, waarmee Hy Homself vir ons in die dood gegee het sodat ons in Hom die lewe sou hê.

Vraag 368: Wie eet hierdie brood onwaardiglik?

Antwoord: Hy wat by hierdie dis dit wat van homself is ag, en nie dit wat van die ander is nie, en dus die gemeenskap verloën. 1 Kor. 11:29.

Vraag 369: Wat bedoel die apostel met die woord "gemeenskap"? (1 Kor. 10:16)

Antwoord: Dat, soos ons gemeenskaplik uit een beker drink, ons so ook gemeenskaplik deel het aan die vergewing van ons sondes in sy bloed; en dat soos ons almal aan een brood deel het, ons ook almal onder mekaar een is met Hom, as lede van sy liggaam. 1 Kor. 10:17.

Vraag 370: Wat beteken "jouself beproef" en "die liggaam van die Here onderskei"? 1 Kor. 11:28 en 29.

Antwoord: Jouself toets of jy dit verstaan en erken waartoe die Here die Nagmaal ingestel het en daarvoor 'n goeie oordeel het, dat die liggaam van die Here "gemeenskap" vooropstel, wat dus nie geminag mag word nie.

Vraag 371: Wat het die Here dus met die Nagmaal aan die wat aan Hom behoort, geskenk?

Antwoord: 'n Verbindingsmiddel wat steeds herhaal moet word om die wat aan Hom behoort in Hom te verbind, sodat hulle so vervul sal wees van sy liefde dat hulle van hulself sal erken: "Ek is 'n arm sondaar, maar ek het kwytskelding van my sondes in sy bloed! Ek is die dood skuldig, maar ek het die ewige lewe in sy lewe deur die Heilige Gees; en my broeder daar is die verlose van my Here." So werk die Gees, sodat alle hoogmoed en alle eieliefde in elkeen verbreek mag word en ons eendragtig, met tersydestelling van alle eieliefde, alle twis en alle gekyf, so gesind mag wees jeens mekaar soos ons Here jeens ons.

Vraag 372: Wil die Here dan hierdie gesindheid juis deur die Nagmaal te voorskyn roep?

Antwoord: Ja, want daarom het Hy ons sy liggaam en sy bloed in die uiterlike vorm van die brood en die beker laat toekom, sodat sy Gees in ons sou wees, ons mekaar as been van sy gebeente en vlees van sy vlees sou beskou, en ook ons lewens vir mekaar sou aflê, soos Hy dit vir ons verdoemenswaardige mense gedoen het.

Efesiërs 5:30: Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy gebeente.

1 Johannes 3:16: Daaraan het ons die liefde geken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het en ons moet ook die lewe vir die broeders aflê.

Vraag 373: Waar moet 'n mens die Nagmaal hou?

Antwoord: In en met die gemeente.

Vraag 374: Wat bewerkstellig die Heilige Gees met die troos van die heilsgoedere in die gemeente van God?

Antwoord: Dat, terwyl ons hierdie heilsgoedere as waaragtig beskou, sonder om ons aan die sigbare of teenstrydige te steur, ons gemeenskap met die Vader en die Seun in die Gees onderhou word, waartoe die Gees ons ook *die genade van die gebed* verleen.

Vraag 375: Hoe moet ons bid?

Antwoord: In die Naam van Jesus Christus.

Johannes 16:23 en 24: Voorwaar voorwaar Ek sê vir julle: as julle die Vader iets sal bid in my Naam, dan sal Hy dit vir julle gee. Tot dusver het julle niks gebid in my Naam nie; bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome mag wees.

Vraag 376: Wat beteken dit?

Antwoord: Ons Here het ons daarvan verseker dat ons in God 'n genadige Vader het en dat Hy alles vir ons verwerf het; derhalwe moet ons nou ook voortdurend sy Woord so nader.

Vraag 377: Vir wat mag ons bid?

Antwoord: Vir alles wat ons nodig het, al lyk dit vir ons hoe onbeduidend.

Vraag 378: Sal God dan ons gebed hoor?

Antwoord: Hemel en aarde sal eerder vergaan as dat God nie die gebed van noodlydendes sou hoor nie. Ons moet net aanhou, terwyl ons steun op sy beloftes. En as dit nie gebeur soos ons gebid het nie - God doen altyd bo bid en verstaan en is ook wonderlik verrassend met sy hulp.

Vraag 379: Wat sê die apostel Paulus van die gebed by alle gevoel van ons ellende?

Antwoord: "Die Gees neem ons swakhede aan, want ons weet nie wat ons moet bid, of hoe dit behoort te wees nie; maar dieselfde Gees tree vir ons in met onuitspreeklike versugtinge." Rom. 8:26.

Vraag 380: Gee my alle gebede in een!

Antwoord: Ons Here het so gespreek: "Wanneer julle bid, bid so: 'Ons Vader in die hemele, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied op die aarde soos in die hemel; gee aan ons vandag ons daaglikse brood; vergeef ons ons skulde, soos ook ons ons skuldenare vergewe. En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid in ewigheid. Amen.'"

Vraag 381: Wat beteken die aanhef: "Ons Vader"?

Antwoord: Omdat U ons genadige, getroue Vader wil wees deur Jesus Christus, gee U ons, arme sondaars, blydschap om ons in al ons ellende te rig op U en aan u genade nie te twyfel nie; hoe verlate ons andersins ook al in hierdie wêreld is, het ons U tog! Met U moet alles goed afloop! Want U is tog "*Vader*", en met U wil ons tevrede wees, want U is immers "*ons s'n*" en algenoegsaam.

Vraag 382: Wat beteken "*in die hemele*"?

Antwoord: Ofskoon U nie gesien word nie, is U tog as ons Vader waaragtig daar en wil U die hemel wyd oopmaak, sodat ons dit nie op aarde, by die sigbare dinge, by die skepsel, by die afbeelding, by die duiwel, of by die tydelike genot van die sonde soek nie; want volgens u mag kan U immers alles doen wat U wil en beloop het, en volgens u vaderlike goedheid wil U slegs ons redding van alle kwaad, van duiwel, dood, sonde en wêreld.

Vraag 383: Hoe het ons Here aan die kruis God aangeroep?

Antwoord: Vader!

Vraag 384: Wat beteken die bede "*Laat u Naam geheilig word*"?

Antwoord: Laat dit verby wees met ons naam, sodat ons glad nie vra na ons of na ander mense se naam, mag en gesag buiten of naas U nie, maar laat ons dit van onself beken dat ons naam "*mens, sondaar*" is en van U beken dat U 'n liewe, genadige Vader is, baie groot van ontferming,

goedheid en trou. Gee, liewe Vader, dat ons naam "sondaar" mag opgaan in die naam "Ontfermer" en ons dus ingebind sal wees in die bondeltjie van die lewendes, opgeskryf in u stamboek en geslagsregister.

Psalm 115:1: Nie aan ons nie, o Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u genade en waarheid ontwil.

Vraag 385: Hoe lui die daarmee ooreenstemmende woord aan die kruis?

Antwoord: In u hande wil ek my Gees oorgee. Luk. 23:46; Ps. 31:6.

Vraag 386: Wat beteken die bede "*Laat u koninkryk kom*"?

Antwoord: Laat dit verby wees met my ryk, met my wil en wandel! Liewe hemelse Vader, laat dit nie slaag soos ek dit graag wil doen nie! Laat alleenlik u genade regeer, dan sal dit goed gaan.

Vraag 387: Watter woord het ons Here in ooreenstemming met hierdie bede aan die kruis gespreek?

Antwoord: "Voorwaar, Ek sê vir jou: Vandag sal jy met My in die paradys wees." Luk. 23:43.

Vraag 388: Wat beteken die bede "*Laat u wil geskied op aarde soos in die hemel*"?

Antwoord: Ten eerste: Laat dit verby wees met my wil! Nie wat ek wil nie, maar wat U wil! Ek het tog geen begrip daarvan hoe U regeer en hoe u weë is nie; en ek beskou voortdurend dit as u ryk wat nie u ryk is nie, totdat die uiteinde my beskaam; want die berekening van die vlees en u raad, waarvolgens U alles so heerlik vir ons laat uitkom, is heeltemal in stryd met mekaar.

Ten tweede: Omdat dit in u hemel, o getroue en waaragtige Vader, so goed gaan, waar 'n duisend miriades engele U tog onmiddellik gehoorsaam, van wie 'n enkele meer vermag as duisend maal duisend sterflike aardbewoners - so is U immers ook God op aarde, om vir my die weg te berei, sodat ek u bevele bewaar.

Vraag 389: Watter woord het ons Here in ooreenstemming met hierdie bede aan die kruis gespreek?

Antwoord: Vir sy moeder het Jesus gesê: "Vrou, kyk dit is jou seun"; en vir Johannes: "Kyk, dit is jou moeder". Joh. 19:26 en 27.

Vraag 390: Wat beteken die bede "*Gee ons vandag ons daaglikse brood*"?

Antwoord: Wil U tog vir die liggaam wat behoefte aan ete, onderdak en kleding het, vir die onderhoud van ons en ons geliefdes in hierdie bese wêreld, sorg dra! Maak ons tevrede met dit wat tans aanwesig is! En omdat U tog ons liewe Vader is, gee ons na u genadige welbehae; U weet wel waarvandaan U dit ons kan laat toekom, ook is voor U geen onderskeid tussen groot en klein nie, al die silwer en goud is U s'n, U is tog Here van die hele wêreld, U verstaan om koninklik te verras en te help! Help ons slegs om daarby te bly dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit u mond uitgaan Matt. 4:4; Deut. 8:3.

Vraag 391: Watter woord het ons Here in ooreenstemming met hierdie bede aan die kruis gespreek?

Antwoord: "Ek is dors!" Joh. 19:28.

Vraag 392: Wat beteken die bede "*Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenare vergewe*"?

Antwoord: Wanneer ons, arme sondears, ons naaste graag die leed wat hy ons aangedoen het kwytsteld omdat dit hom berou en ons dit hom nie toereken nie, hoeveel te meer sal U, groot en regverdige Vader, ons ook al ons oortredinge kwytsteld, omdat dit ons van harte berou dat ons dit begaan het.

Vraag 393: Waarop berus die liefde tot ons vyande?

Antwoord: Op die erkenning van ons eie vyandskap teen die genade en op die bewustheid dat dit ons verplig om veral deur ons optrede die waarheid te handhaaf dat God alleen regverdig, heilig en goed is, want alle vyandige gedrag teen die waarheid spruit tog daaruit voort dat die mens die heiligende en gelukbringende aard van selfverloëning nog nie ken nie, dat hy daarenteen homself en die ongeregtigheid handhaaf en nie die waarheid van Christus wil handhaaf nie⁵.

Vraag 394: Hoe het die Here, in ooreenstemming met hierdie bede, aan die kruis gebid?

Antwoord: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. Luk. 23:34.

⁵ "und es der Wahrheit Christi abgewinnen soll"

Vraag 395: Wat beteken die bede "*Lei ons nie in versoeking nie?*"

Antwoord: U, getroue, regverdige en geduldige Vader, bewys ons hierdie genade dat U voortdurend met ons handel na u wil, ons op u weg hou, en ons nie oorlaat aan ons beteweterigheid nie, maar hou ons in die vrees van u Naam en lei ons deur die geloof; want sou ons aan onself oorgelaat wees, dan sou ons onself en alle ander spoedig in die verderf stort.

Vraag 396: Wat het ons Here, in ooreenstemming met hierdie bede, aan die kruis uitgeroep?

Antwoord: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Matt. 27:46; Ps. 22:2.

Vraag 397: Wat beteken "*Verlos ons van die bose*"?

Antwoord: Solank ons in hierdie lewe is, sal die duiwel nie ophou om deur hemelse en helse voorstellings en verdagmakings op ons in te werk nie, sodat ons nie sou volbring wat geregtigheid voor U is nie. Bewaar ons daarvan, genadige Vader. Verbreek U al sy strikke en verydel sy lis.

Vraag 398: Watter woord het ons Here, in ooreenstemming met hierdie bede, aan die kruis uitgeroep?

Antwoord: "Dit is volbring!" Joh. 19:30.

Vraag 399: Wat beteken "*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid*"?

Antwoord: Dat nóg ons, nóg die duiwel, nóg alles wat vlees heet, sal regeer, maar U alleen; ook is daar niks, nóg in die hemel, nóg op die aarde, nóg in die hel, wat mag sou hê nie, en in ons is glad nie krag nie. Maar alles vermag niks teen U en ons nie, o ons Vader en almagtige Skepper van alle dinge wat alleen wonders doen wat nie getel kan word nie. Daarom sal U alleen die eer ontvang dat U alles herstel het, soos U alles wat U is, vir ons wil wees.

Vraag 400: Wat beteken die woordjie "*amen*"?

Antwoord: So is dit sekerlik waar en ek het verhooring! 1 Joh. 5:15.

Vraag 401: Hoe het ons Here in sy laaste woord aan die kruis God aangeroep?

Antwoord: "Vader!"

Vraag 402: Wat kan jy nog meer van die gebed sê?

Antwoord: Ons verkry op ons gebed 'n oorvloedige vervulling van alle beloftes van God, sodat die geloof nie van ons geroof word nie, om te volhard in 'n wandel wat vir Christus Jesus welbehaaglik en voor Hom alleen heilig is.

Vraag 403: Wat sal die einde van alle sigbare dinge wees?

Antwoord: Dit sal deur vuur vergaan.

2 Petrus 3:11 en 12: Terwyl alles dan moet vergaan, hoe moet julle vaardig wees met heilige wandel en godsalige wese, sodat julle wag vir [voorbereid is op - A.H.B.] en julle haas na die toekoms [aanbreek - A.H.B.] van die dag van die Here waarop die hemel deur vuur sal vergaan, en die elemente deur hitte gesmelt sal word?

Vraag 404: Wat sal die einde van die goddeloses wees?

Antwoord: 'n Ewige verstotenheid van die aangesig van God en van die lig van sy troos.

Vraag 405: Wat is "goddeloses"?

Antwoord: Diegene wat losbandigheid en fees met mekaar wil verenig.

Vraag 406: Wat sal die einde van alle dinge voorafgaan?

Antwoord: Die wêreldoordeel.

Vraag 407: Wie sal dit hou?

Antwoord: Jesus Christus ons Here met die engele van sy mag.

2 Tessalonisense 1:7: Maar vir julle wat droefheid ly, rus met ons, wanneer die Here Jesus geopenbaar sal word uit die hemel saam met die engele van sy krag.

Vraag 408: Wie sal vir ewig verdoem word?

Antwoord: Diegene wat nie die wil van die Vader gedoen het nie, maar die woord van Christus ongehoorsaam was; wat vervolgens hulle regverdige broeder en hulle regverdige suster geterg en hulle daarvan nie bekeer het nie.

Vraag 409: Wat sal op die dag egter eerste geskied?

Antwoord: Christus sal die dode opwek, soos die profeet Jesaja gesê het: "Ook my dooie liggaam sal lewe." Jesaja 26:19 vergelyk met Daniël 12:12 en 13: "En vele van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe, en ander tot ewige smaad en skande." "Maar jy, Daniël, gaan heen tot die einde kom, en rus, sodat jy sal opstaan in jou deel aan die einde van die dae."

Job 19:25-27: Maar ek weet dat my Verlosser lewe, en Hy sal my daarna uit die aarde opwek en my daarna met hierdie huid omgewe en ek sal in my vlees God sien. Die Een wat ek sal sien en my oë sal Hom aanskou en geen vreemdeling nie.

Vraag 410: Wat nog meer?

Antwoord: Die Here sal ons tegemoet kom met almal wat in Hom ontslaap het.

1 Tessalonisense 4:14: Want soos ons glo dat Jesus gesterf het en opgestaan het, so sal God ook diegene wat ontslaap het, deur Jesus met Hom lei.

Vraag 411: Is jy van jou saligheid verseker?

Antwoord: Die Gees getuig met my gees dat ek kind is, en indien kind, dan ook erfgenaam, 'n erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Christus, my getroue Herder, wat my ook nie sal verlaat in die donker doodsval nie. "Want die wat Hy daartoe bestem het, dié het Hy ook geroep, en dié wat Hy geroep het, dié het Hy ook regverdig gemaak, en dié wat Hy regverdig gemaak het, dié het Hy ook heerlik gemaak." Rom. 8:16; Ps. 23:4; Rom. 8:30.

Vraag 412: Waarin bestaan die ewige saligheid?

Antwoord: Die apostel Johannes beskryf dit soos volg: "My geliefdes, ons is nou kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Maar ons weet dat as Hy geopenbaar sal word, ons aan Hom gelyk sal word; want ons sal Hom sien soos Hy is." 1 Joh. 3:2.

Vraag 413: Waaraan het ons, solank ons nog hier in hierdie jammerdal is, die meeste behoefte?

Antwoord: Dat die genade met ons sal wees om by hierdie belydenis vertrous en met vreugde te volhard: dat ons hemelse Koning en Here ons met Hom gekroon het op die dag van sy bruilof met ons, sy gemeente.

Vraag 414: Wat is sy trooswoord?

Antwoord: "Vrees nie, klein kuddetjie; dit is julle Vader se welbehae om julle die koninkryk te gee." Luk. 12:32.

Vraag 415: Wat is jou vurige gebed?

Antwoord: "Ja, kom Here Jesus! Amen." Op. 22:20.

Register van die Name wat aan ons Here in die Skrif gegee word

A

Aangesig van God (Eks. 33:14-15; Deut. 4:37)

Adam, die laaste (1 Kor. 15:45)

Afskynsel van die heerlikheid (Heb. 1:3)

Allerheiligste (Dan. 19:24)

Alles in almal (Kol. 3:11)

Almagtige (Op. 1:8)

Alfa en Omega (Op. 1:8)

Apostel van ons belydenis (Heb. 3:1)

Ark van die Verbond (Op. 11:19)

Arm van die Here (Jes. 52:10; Jes. 53:1)

Arts (Eks. 15:26)

B

Beeld van die onsienlike God (Kol. 1:15; Heb. 1:3)

Begin van die skepping van God (Op. 3:14)

Begin en Einde (Op. 1:8)

Behouer van alle mense (1 Tim. 4:10)

Bevryder (Ps. 40:18)

Bewaarder (Ps. 121:5)

Bewaarder van Israel (Ps. 121:4)

Besitter van alle nasies (Ps. 82:8)

Bloedbruidegom (Eks. 4:26)

Bode van God (Jes. 42:19)

Borg van 'n beter verbond (Heb. 7:22)

Boumeester van die stad van God (Heb. 11:10)

Broeder van ons (Joh. 20:17; Ps. 22:23; Heb. 2:11-12)

Brood van die lewe (Joh. 6:35)

Bruidegom (Joh. 3:29)

Burg (2 Sam. 22:2; Ps. 18:3)

C

Christus, d.i. Gesalfde (Ps. 2:2; Ps. 84:10; Ps. 89:52)

D

Dawid (Eseg. 37:24)

Dawid (die Koning) (Hos. 3:5)

Deel en erfenis (van ons) (Num. 18:20)

Deel van my (ons) erfenis (Ps. 16:5)

Deur van die skape (Joh. 10:7)

Deurbreker (Miga 2:13)

Dou (van Israel) (Hos. 14:6)

E

Eniggeborene van die Vader (Joh. 1:14)

Eerste en laaste (Jes. 41:4; Jes. 44:6)

Eersgeborene van alle skepsele (Kol. 1:15)

Eersgeborene onder vele broeders (Rom. 8:29)

Eersgeborene uit die dood (Kol. 1:18; Op. 1:5)

Einde van die Wet (Rom. 10:4)

Emmanuel (Jes. 7:14; Matt. 1:23)

Engel (die) (Hos. 12:5)

Engel van die verbond (Mal. 3:1)

Engel van God (Gen. 48:16)

Erekoning (Ps. 24:7 en 8)

F

Fontein van heil (Jes. 12:3)

Fontein teen die sonde (Sag. 13:1)

Formeerder van alles (Jer. 10:16)

Fondament (1 Kor. 3:11)

Fondamentklip in Sion (Jes. 28:16; vgl. 1 Kor. 3:11)

Fontein van lewende water (Jer. 2:13 en 17:13)

G

Gawe van God (Joh. 4:10)

Gekruisigde (die) (Matt. 28:5)

Geliefde (Ef. 1:6)

Geslag van Dawid (Op. 22:16)

Gesalfde (2 Sam. 23:1; Ps. 2:2)

Getuie (getroue en waaragtige) (Op. 3:14)

God (Gen. 32:28; Deut. 10:21; Joh. 20:28)

God (wat bo alles geprys moet word) (Rom. 9:5)

God van blydschap (Ps. 43:4)

God van heerlikheid (Hand. 7:2)

God van heil (Ps. 27:9)

God en Saligmaker (ons groot) (Tit. 2:13)

God (sterke) (Jes. 9:5)

God met ons (Matt. 1:23)

Goël (Verlosser) (Job 19:25)

H

Here (Mal. 3:1; Joh. 21:7)

Here van die heerlikheid (1 Kor. 2:8)

Here van die here (1 Tim. 6:15; Op. 17:14 en 19:16)

Heere Jesus Christus (Hand. 16:31)

Here van almal (Hand. 10:36; Rom. 10:12)

Here van dode en lewendes (Rom. 14:9)

Here uit die hemel (1 Kor. 15:47)

Heerser (Num. 24:19; Jer. 30:21)

Heerser (regverdige) (2 Sam. 23:3)

Heil (Ps. 27:1; Ps. 38:23)

Heiland (Hos. 13:4; Sag. 9:9)

Heilige (die) (Ps. 16:10; Op. 3:7)

Heilige van God (Mark. 1:24)

Heilige van Israel (Jes. 12:6)

Held (Ps. 45:4)

Helper (Heb. 13:6)

Herder (1 Pet. 2:25; Ps. 23:1)

Herder (die goeie) (Joh. 10:17)

Herder van die skape (die groot) (Heb. 13:20)

Herder (owerste) (1 Pet. 5:4)

Hoeksteen van die gemeente (Ef. 2:20)

Hoof van die gemeente (Ef. 5:23; vgl. Hos. 1:11)

Hoëpriester (Heb. 2:17; Heb. 4:15; Heb. 6:20)

Hoop (Spr. 3:26)

Horing van heil (2 Sam. 22:3; Ps. 18:3; Luk. 1:69)

Hulp (Ps. 27:9; Ps. 40:18; Ps. 63:8)

I

Immanuel (Jes. 7:14; Matt. 1:23)

Is (wat is, wat was en wat sal kom) (Op. 1:8; Joh. 3:13)

Is (wat in die hemele is) (Joh. 3:13)

K

Kenner van harte (Hand. 1:24)

Kind (Jes. 9:5)

Kind (God se heilige) (Hand. 4:27)

Kneg (my) (Jes. 53:11)

Kneg van die Here (Jes. 42:1)

Kom (wat sal kom) (Matt. 11:3; Heb. 10:37; Op. 1:4)

Koning (Sag. 9:9)

Koning van geregtigheid (Heb. 7:2)

Koning van die heiliges (Op. 15:3)

Koning van die konings (1 Tim. 6:15; Op. 17:14)

Krag (van die lewe) (Ps. 27:1)

Kunstenaar (Spr. 8:30)

L

Lam (Op. 12:11; Op. 14:4)

Lam van God (Joh. 1:29)

Lamp (Op. 21:23; 2 Sam. 22:29)

Leraar (Joh. 3:2)

Leeu uit die stam van Juda (Op. 5:5)

Leidsman van ons saligheid (owerste) (Heb. 2:10)

Leidsman en Voleinder van die geloof (owerste) (Heb. 12:2)

Lewe (Joh. 11:25; Joh. 14:6)

Lewende (Luk. 24:5; Op. 1:18)

Lig (Ps. 27:1)

Lig van die heidene (Jes. 49:6)

Lig van die mense (Joh. 1:4)

Lig van die wêreld (Joh. 8:12)

Liefste (sewentien maal in Hooglied)

Lof (Deut. 10:21)

Loon (Gen. 15:1)

M

Magtige (die alleen) (1 Tim. 6:15)

Magtige van Jakob (Gen. 49:24; Ps. 132:2 en 5)

Magtig om te verlos (Jes. 63:1)

Maker (Hos. 8:14)

Man (my) (Hos. 2:15)

Meester (Matt. 23:8)

Meester en Here (Joh. 13:13)

Mens Christus Jesus (1 Tim. 2:5)

Mensehoeder (Job 7:20)

Messias (Joh. 4:25)

Messias, die Vors (Dan. 9:25)

Middelaar van God en die mense (1 Tim. 2:5)

Middelaar van die nuwe verbond (Heb. 9:15; Heb. 12:24)

Môrester (Op. 22:16)

N

Nasarener (Matt. 2:23)

O

Ontfermer (Jes. 49:10; Jak. 5:11)

Opgang uit die hoogte (Luk. 1:78)

Opstanding (Joh. 11:25)

Opsiener van ons siele (1 Pet. 2:25)

Owerste van die konings van die aarde (Op. 1:5)

P

Pestilensie van die hel (Hos. 13:14)

Priester in ewigheid (Ps. 110:4; Heb. 5:6)

Priester oor die huis van God (groot) (Heb. 10:21)

Profeet (Deut. 18:15; Luk. 7:16)

R

Raad (Jes. 9:5)

Rabbi (Mark. 9:5)

Regter (Jak. 5:9)

Regter van die ganse aarde (Gen. 18:25)

Regter van lewende en dode (1 Pet. 4:5)

Regverdige (2 Sam. 23:3; Jes. 53:11; Sag. 9:9)

Roem (ons) (Deut. 10:21)

Roepende (Rom. 9:11)

Rots (2 Sam. 22:3; Ps. 18:3)

Rotssteen (Ps. 19:15)

Rotssteen van heil en sterkte (Deut. 32:15; Ps. 95:1; Jes. 17:10)

Rotssteen van Israel (2 Sam. 23:3)

S

Saad van Abraham (Gal. 3:16)

Saad van die vrou (Gen. 3:15)

Salige (1 Tim. 6:15)

Saligheid (Job 13:16)

Saligmaker van die wêreld (Messias) (Joh. 4:25)

Septer in Israel (Num. 24:17)

Seun (Ps. 2:7 en 12; Jes. 9:5)

Seun van Dawid (Matt. 9:27)

Seun van die Allerhoogste (Luk. 1:32)

Seun van die geseënde God (Mark. 14:61)

Seun van die lewende God (Matt. 14:61)

Seun van die mens (Ps. 8:5; Joh. 5:27)

Skaduwee (Ps. 121:5; Jes. 25:4)

Skat van Jakob (Jer. 10:16)

Skild (Gen. 15:1; 2 Sam. 22:3; Ps. 18:3; Ps. 84:12)

Skoonste onder die mensekinders (Ps. 45:3)

Sleuteldraer van die hel en van die dood (Op. 1:18)

Smelter van die kinders van Levi (Mal. 3:3)

Son (Ps. 84:12)

Son van geregtigheid (Mal. 4:2)

Sonde (ons) (2 Kor. 5:21)

Spruit (Sag. 6:12)

Spruit van die Here (Jes. 4:2)

Spruit van geregtigheid (Jer. 33:15)

Steen wat die bouers verwerp het (Ps. 118:22; Matt. 21:42; Mark. 12:10; Luk. 20:17; 1 Pet. 2:7)

Steen wat deur die bouers verag is (Hand. 4:11)

Steenrots (2 Sam. 22:2; Ps. 18:3)

Steenrots (geestelike) (1 Kor. 10:4)

Steenrots van ons toevlug (Ps. 94:22)

Stem van die Here (Ps. 29:3; Miga 6:9)

Ster uit Jakob (Num. 24:17)

Sterke God (Jes. 9:5)

Sterkte (ons) (Ps. 18:2; Ps. 122:20; Ps. 46:2; Ps. 52:9; Jes. 25:4)

Sterkte van die kinders van Israels (Joël 3:16)

T

Tempel (Op. 21:22)

Toevlug (2 Sam. 22:3; Ps. 46:2; Ps. 91:2; Jes. 25:4)

Toring (sterk) (Spr. 18:10)

U

Uithelper (2 Sam. 22:2; Ps. 18:3)

Uitverkorene van God (Ps. 89:20; Jes. 42:1)

V

Vader (ewige) (Jes. 9:5)

Vader van vele volke (Gen. 17:5)

Verberging (Ps. 32:7)

Verlosser (2 Sam. 22:3; Job. 19:25; Ps. 19:15; Jes. 41:14)

Verlosser in tyd van benoudheid (Jer. 14:8)

Vertrek (hoë) (2 Sam. 22:3; Ps. 18:3; Ps. 94:22)

Vertroosting van Israel (Luk. 2:25)

Verwagting van Israel (Jer. 14:8; Jer. 17:13)

Versoening (Rom. 3:25)

Versoening vir ons sondes (1 Joh. 2:2)

Vloek voor ons (Gal. 3:13)

Vors (Dan. 9:25)

Vors van die lewendes (Hand. 3:15)

Vors van die leërskaare van die Here (Jos. 5:14 en 15)

Vrede (ons) (Ef. 2:14)

Vredevors (Jes. 9:5)

Vrug van die aarde (Jes. 4:2)

W

Waaragtige (Op. 3:7)

Waarheid (die) (Joh. 14:6)

Wagter van Israel (Ps. 121:4)

Wat is en Wat was en Wat kom (Op. 1:8)

Wat in die hemel is (synde) (Joh. 3:13)

Weg (Joh. 14:6)

Wens van alle heidene (Hag. 2:8)

Wonderlik (Jes. 9:5)

Woord van God (die) (Joh. 1:1; 1 Joh 5:7)

Woord van God (Op. 19:13)

Woord wat vlees geword het (Joh. 1:14)

Wurm en geen man nie (Ps. 22:7)

Wortel van Dawid (Op. 5:5 en 22:16)

Wynstok (Joh. 15:5)

Wysheid (Spr. 8:1; 1 Kor. 1:30)

Wysheid (opperste) (Spr. 1:20 en 9:1)

Y

Yweraar (Eks. 34:14)

Die "Amen" (Op. 3:14)

